4. Die suksesvolle tenderaar sal geregtig wees om, onderworpe aan die bepalings van die genoemde Wet en onderworpe aan die bepalings van artikel *twee-en-veertig* van die genoemde Wet en aan sodanige voorwaardes as die Minister mag oplê, 'n huurkontrak op onedele minerale te verkry; met dien verstande dat die jaarlikse huurgelde deur die huurder in sy tender aangebied ten opsigte van so'n huurkontrak, vanaf die datum daarvan, vooruitbetaald moet word, en bowendien moet 'n bedrag gelykstaande aan tien persent (10 persent) van die netto wins, soos hierna bepaal, wat uit die ontginning van die gehuurde grond verkry word, betaal word, en verder met dien verstande dat aan Naturelle, wat grond in stambesit hou en van wie dit gevorder word om grond te ontruim ten opsigte waarvan daar 'n voorneme is om dit, ingevolge die bepalings van artikel *twee-en-veertig* van Wet No. 16 van 1907 (Kaap), te verhuur, voordat enige huurkontrak aangegaan word, billike vergoeding, ten aansien van sodanige ontruiming toegeken moet word, wat deur die Naturellekommissaris vasgestel moet word, en genoemde vergoeding moet deur die huurder, voordat die ontruiming plaas vind, betaal word.

5. Die wins, 'n deel waarvan betaalbaar is ooreenkomstig die voorafgaande klousule, moet deur die Kommissaris van Binnelandse Inkomste op dieselfde wyse vasgestel word as die belasbare inkomste van mynwerksaamhede verkry, vir die doel van die Wet op inkomstebelasting, en sodanige deel moet, vir elke jaar van aanslag vir inkomstebelasting ooreenkomstig daardie Wet, binne een maand na datum van sodanige aanslag, betaal word.

6. Behalwe andersluidende bepalings hierin vervat, is die bepalings van Deel II van die genoemde Wet van toepassing op enige prospekteerdery of op die ontginning van enige grond gehou onder 'n huurkontrak op onedele minerale ooreenkomstig hierdie Proklamasie.

7. Alle huur- en ander gelde deur hierdie Proklamasie opgelê moet aan die Minister betaal word en deur hom op die fonds, wat vir die doeleindes vermeld in artikel *sewe* van Brits-Betsjoeanaland Proklamasie, No. 220 van 1895 ingestel is, geplaas word, tot vergoeding vir skade wat deur prospekteer- en mynwerksaamhede aan die oppervlakte veroorsaak word.

8. Goewermentskennisgewing No. 396 van 8 April 1909, gepubliseer in die Kaap die Goeie Hoopse *Staatskoerant* No. 9162 van 9 April 1909, word hierby herroep.

✱ No. 1132.] [17th August, 1934.

The following draft proclamation is published for general information in terms of sub-section (2) of section *twenty-five* of the Native Administration Act, No. 38 of 1927.

D. L. SMIT,
Secretary for Native Affairs.

Department of Native Affairs, Pretoria.

Whereas it is desirable to make special provision for the mining of base minerals in the Native Reserves in the Magisterial Districts of Vryburg, Mafeking, Taungs, Kuruman and Gordonia, formerly known as British Bechuanaland, in which Reserves prospecting is prohibited by the provisions of section *forty* of Act No. 16 of 1907 of the Cape of Good Hope, hereinafter referred to as " the said Act ";

Now therefore, under and by virtue of the powers and authorities vested in me by section *forty* of the said Act and by sub-section (1) of section *twenty-five* of the Native Administration Act No. 38 of 1927, I do hereby proclaim, declare and make known that, notwithstanding anything to the contrary contained in the said Act or in any other law, proclamation or regulation, prospecting and mining for base minerals in those Native Reserves situate in the Magisterial Districts aforesaid, included in the Schedule to the Natives Land Act No. 27 of 1913 or any amendment thereof, shall only be permitted, subject to the provisions hereinafter set out, which shall take effect and have the force of law from and after the date of promulgation of this Proclamation;

1. The Minister of Native Affairs (hereinafter referred to as " the Minister ") may, by notice in the *Gazette* and in a newspaper or newspapers circulating in the Magisterial District concerned, invite tenders for the right to prospect and mine for base minerals within any Native Reserve referred to in this Proclamation.

2. An annual rental shall be charged for such right, which shall be payable in advance to the Minister and every tenderer shall be required to state what rent he is prepared to pay

(*a*) in respect of the prospecting period and
(*b*) in respect of any base mineral lease acquired by him as hereinafter provided.

3. Before commencing prospecting operations the successful tenderer shall take out a prospecting licence in terms of section *thirty-five* of the said Act and shall give the Native Commissioner of the district within which such reserve is situated thirty days' notice of his intention to commence operations, in order that the Native Commissioner may take steps to explain the nature of the proposed operations to the residents of such reserve.

4. The successful tenderer shall be entitled to prospect subject to the provisions of the said Act, and, subject to the provisions of section *forty-two* of the said Act and to such conditions as the Minister may impose, to obtain a base mineral lease; provided that in respect of any such lease there shall be paid in advance as from the date thereof such annual rental as may have been offered by the lessee in his tender, and in addition thereto there shall be paid as hereinafter provided an amount equal to ten per cent. (10%) of the net profit derived from the working of the leased area; and provided further that any Natives holding land under tribal tenure who are required to remove from any area proposed to be leased under the provisions of section *forty-two* of Act No. 16 of 1907 (Cape) shall before any lease is entered into be awarded reasonable compensation, which shall be fixed by the Native Commissioner, for such removal, and the said compensation shall be paid by the lessee before the removal takes place.

5. The profit, of which a share is payable in terms of the last preceding clause, shall be determined by the Commissioner for Inland Revenue in like manner as the taxable income derived from mining operations is determined for the purpose of the law relating to income tax and such share shall be paid for each year of assessment of income tax under that Act not later than one month after the date of such assessment.

6. Except as is otherwise herein provided, the provisions of Part II of the said Act shall apply to any prospecting or to the exploitation of any base mineral lease area under this Proclamation.

7. All rentals and other charges imposed by this Proclamation shall be paid to the Minister and applied by him to the fund established for the purposes mentioned in section *seven* of the British Bechuanaland Proclamation No. 220 of 1895, as compensation for surface damage caused by prospecting or mining.

8. Government Notice No. 396 dated 8th April, 1909, published in the Cape of Good Hope *Government Gazette* No. 9162 of the 9th April, 1909, is hereby withdrawn.

✱ No. 1134.] [15 Augustus 1934.

AANSTELLINGS IN DIE DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE.

Dit word vir algemene informasie bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag het om die aanstellings in die bygaande skedule genoem, goed te keur.

TRANSKEI.

TOT ASSISTENT-MAGISTRAAT EN ASSISTENT-NATURELLEKOMMISSARIS RESPEKTIEWELIK KRAGTENS ARTIKEL *agt*, HOOFSTUK II, VAN PROKLAMASIE No. 145 VAN 1923 EN ARTIKEL *twee* (2) VAN WET No. 38 VAN 1927.

E. V. C. Liefeldt, distrik Mount Ayliff, vanaf 23 Mei 1934.

KAAP.

TOT NATURELLEKOMMISSARIS KRAGTENS ARTIKEL *twee* (2) VAN WET No. 38 VAN 1927.

A. L. Johnson, distrik Komgha, vanaf 2 Julie 1934.
S. M. C. Hope, distrik Elliot, vanaf 2 Julie 1934.

TOT ASSISTENT-MAGISTRAAT KRAGTENS ARTIKEL *agt* VAN WET No. 32 VAN 1917.

P. C. Tweedie, distrik Glen Grey, vanaf 26 Januarie 1934.

TOT ASSISTENT-NATURELLEKOMMISSARIS KRAGTENS ARTIKEL *twee* (2) VAN WET No. 38 VAN 1927.

P. C. Tweedie, distrik Glen Grey, vanaf 26 Januarie 1934.

TOT WAARNEMENDE KAPTEIN KRAGTENS ARTIKEL *twee* (7) VAN WET No. 38 VAN 1927, MET REGSMAG KRAGTENS ARTIKEL *een-en-twintig* VAN DIE WET.

Tiego Tawana, van die Ratshidi Barolong Stam, distrik Mafeking, gedurende die afwesigheid van Kaptein Lotlamoreng Montsioa op verlof vanaf 1 Junie 1934.

NATAL.

TOT NATURELLEKOMMISSARIS KRAGTENS ARTIKEL *twee* (2) VAN WET No. 38 VAN 1927.

G. A. Whitelaw, distrik Newcastle, vanaf 1 Junie 1934.
H. C. Baxter, distrik Lower Tugela, vanaf 1 Junie 1934.

TOT KAPTEIN KRAGTENS ARTIKEL *twee* (7) VAN WET No. 38 VAN 1927, MET SIVIELE REGSMAG KRAGTENS ARTIKEL *twaalf* VAN DIE WET.

Mvimbela Duma, van die abakwaDumisa Stam, distrik Himeville (Underberg), vanaf 1 Mei 1934, i.p.v. wyle Kaptein Mhlonhlo Duma.
Mconjwana Zuma ka Mafahleni, oor die lede van die abakwaNxamalala Stam, in die distrikte Impendhle, Lions River, New Hanover en Pietermaritzburg, vanaf 1 Junie 1934, i.p.v. Waarnemende Kaptein Novuka, wat outomaties aftree.

TOT KAPTEIN SE PLAASVERVANGER MET SIVIELE REGSMAG KRAGTENS ARTIKEL *twaalf* VAN WET No. 38 VAN 1927, TESAME MET ARTIKEL *sewentien* (2) VAN PROKLAMASIE No. 168 VAN 1932 GELEES.

Mpiyaluka Mbuto, van die Tolane Stam, distrik Camperdown, vanaf 1 Mei 1934, i.p.v. Kipabambo Lushozi, ontslaan.
Mfanyana Mlangeni ka Mashila, van die Amangwe Stam, distrik Estcourt, vanaf die datum waarop hy diens aanvaar.

TRANSVAAL.

TOT NATURELLEKOMMISSARIS KRAGTENS ARTIKEL *twee* (2) VAN WET No. 38 VAN 1927.

J. T. Harper, distrik Ventersdorp, vanaf 1 Junie 1934.

TOT INSPEKTEUR VAN NATURELLE-ARBEID KRAGTENS ARTIKEL *agtien* VAN WET No. 15 VAN 1911.

P. A. Woodley, Seniorklerk, Brakpan, vir die Nigel en Sub-Nigel goudmyne, distrik Heidelberg, vanaf 12 Maart 1934.
V. F. Houzet, Eerstegraadsklerk en Spesiale Vrederegter, Nigel, vir die dele van die Heidelbergse distrik waaroor nie 'n ander Inspekteur aangestel is nie, vanaf 12 Maart 1934.

TOT KAPTEIN MET SIVIELE EN KRIMINELE REGSMAG RESPEKTIEWELIK KRAGTENS ARTIKELS *twaalf* EN *twintig* VAN WET No. 38 VAN 1927.

Petrus Shiloane Makapan, van die Ndebele Stam, Valtyn's Lokasie, distrik Potgietersrust, vanaf die datum waarop hy diens aanvaar.

✱ No. 1134.] [15th August, 1934.

APPOINTMENTS IN THE NATIVE AFFAIRS DEPARTMENT.

It is notified for general information that His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased to approve of the appointments mentioned in the accompanying Schedule.

TRANSKEI.

AS ASSISTANT MAGISTRATE AND ASSISTANT NATIVE COMMISSIONER, IN TERMS OF SECTION *eight of* CHAPTER II OF PROCLAMATION No. 145 OF 1923 AND SECTION *two* (2) OF ACT No. 38 OF 1927, RESPECTIVELY.

E. V. C. Liefeldt, Mount Ayliff District, with effect from the 23rd May, 1934

CAPE.

AS NATIVE COMMISSIONER, IN TERMS OF SECTION *two* (2) OF ACT No. 38 OF 1927.

A. L. Johnson, Komgha District, with effect from the 2nd July, 1934.
S. M. C. Hope, Elliot District, with effect from the 2nd July, 1934.

AS ASSISTANT MAGISTRATE, IN TERMS OF SECTION *eight* OF ACT No. 32 OF 1917.

P. C. Tweedie, Glen Grey District, with effect from the 26th January, 1934.

AS ASSISTANT NATIVE COMMISSIONER, IN TERMS OF SECTION *two* (2) OF ACT No. 38 OF 1927.

P. C. Tweedie, Glen Grey District, with effect from the 26th January, 1934.

AS ACTING CHIEF, IN TERMS OF SECTION *two* (7) OF ACT No. 38 OF 1927, WITH JURISDICTION IN TERMS OF SECTION *twenty-one* OF THE ACT.

Tiego Tawana of the Ratshidi Barolong Tribe, Mafeking District, during the absence of Chief Lotlamoreng Montsioa on leave, with effect from the 1st June, 1934.

NATAL.

AS NATIVE COMMISSIONER, IN TERMS OF SECTION *two* (2) OF ACT No. 38 OF 1927.

G. A. Whitelaw, Newcastle District, with effect from the 1st June, 1934.
H. C. Baxter, Lower Tugela District, with effect from the 1st June, 1934.

AS CHIEF, IN TERMS OF SECTION *two* (7) OF ACT No. 38 OF 1927, AND WITH CIVIL JURISDICTION IN TERMS OF SECTION *twelve* OF THE ACT.

Mvimbela Duma of the abakwaDumisa Tribe, Himeville District (Underberg), with effect from the 1st May, 1934, *vice* late Chief Mhlonhlo Duma.
Mconjwana Zuma ka Mafahleni over the members of the abakwaNxamalala Tribe in the Districts of Impendhle, Lions River, New Hanover and Pietermaritzburg, with effect from the 1st June, 1934, *vice* Acting Chief Novuka, who automatically retires.

AS CHIEF'S DEPUTY WITH CIVIL JURISDICTION, IN TERMS OF SECTION *twelve* OF ACT No. 38 OF 1927, READ IN CONJUNCTION WITH SECTION *seventeen* (2) OF PROCLAMATION No. 168 OF 1932.

Mpiyaluka Mbuto, of the Tolane Tribe, Camperdown District, with effect from the 1st May, 1934, *vice* Kipabambo Lushozi, dismissed.
Mfanyana Mlangeni ka Mashila of the Amangwe Tribe, Estcourt District, with effect from the date of his assumption of duty.

TRANSVAAL.

AS NATIVE COMMISSIONER, IN TERMS OF SECTION *two* (2) OF ACT No. 38 OF 1927.

J. T. Harper, Ventersdorp District, with effect from the 1st June, 1934.

AS INSPECTOR OF NATIVE LABOURERS, IN TERMS OF SECTION *eighteen* OF ACT No. 15 OF 1911.

P. A. Woodley, Senior Clerk, Brakpan, for the Nigel and Sub-Nigel gold mines, Heidelberg District, with effect from 12th March, 1934.
V. F. Houzet, First Grade Clerk and Special Justice of the Peace, Nigel, for the portions of the Heidelberg District over which no other Inspector has been appointed, with effect from the 12th March, 1934.

AS CHIEF WITH CIVIL AND CRIMINAL JURISDICTION, IN TERMS OF SECTIONS *twelve* AND *twenty*, RESPECTIVELY, OF ACT No. 38 OF 1927.

Petrus Shiloane Makapan of the Ndebele Tribe, Valtyn's Location, Potgietersrust, with effect from the date of assumption of duty.

TOT KAPTEIN KRAGTENS ARTIKEL *twee* (7) MET SIVIELE REGSMAG KRAGTENS ARTIKEL *twaalf* VAN WET No. 38 VAN 1927.

Kgabo Moloto, van die Moloto Stam, Molitzie Lokasie, distrik Pietersburg, vanaf 11 Maart 1931.

Sethlari Tshilwana, van die Mapulane Stam, woonagtig in die gebied bekend as „ Benede die Berg " in die distrik van Pelgrimsrust, vanaf die datum waarop hy diens aanvaar.

Tulamahashe Xumayo, van die Amatshangana Stam, woonagtig in die gebied bekend as „ Die Suidelike Laeveld ", in die distrik van Pelgrimsrust, vanaf die datum waarop hy diens aanvaar.

Shopiana, van die Amahlangana Stam, woonagtig in die gebied bekend as „ Die Noordelike Laeveld ", in die distrik van Pelgrimsrust, vanaf die datum waarop hy diens aanvaar.

TOT KAPTEIN MET KRIMINELE REGSMAG KRAGTENS ARTIKEL *twintig* VAN WET No. 38 VAN 1927.

Richard Monnokgotla, van die Bakwena ba Kubung Stam, distrik Ventersdorp, vanaf 1 Maart 1934.

Kgabo Moloto, van die Moloto Stam, Molitzie Lokasie, distrik Pietersburg, vanaf 1 Maart 1934.

TOT WAARNEMENDE KAPTEIN KRAGTENS ARTIKEL *twee* (7) VAN WET No. 38 VAN 1927, MET SIVIELE EN KRIMINELE REGSMAG RESPEKTIEWELIK KRAGTENS ARTIKELS *twaalf* EN *twintig* VAN DIE WET.

Harold Makapan, Valtyn's Lokasie, distrik Potgietersrust, vanaf die datum waarop hy in diens tree totdat die permanente opvolger van wyle Kaptein Barend Makapan diens aanvaar.

ORANJE-VRYSTAAT.

TOT ASSISTENT-NATURELLEKOMMISSARIS KRAGTENS ARTIKEL *twee* (2) VAN WET No. 38 VAN 1927.

G. S. Frank, distrik Bloemfontein, vanaf 21 Mei 1934.

DEPARTEMENT VAN SPOORWEË EN HAWENS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

T. H. WATERMEYER,
Hoofbestuurder.

Kantoor van die Hoofbestuurder, Johannesburg.

✱ No. 1135.] [17 Augustus 1934.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens artikel *vier* van die „ Spoorwegen en Havens Reglement, Bestuur en Beheer Wet, 1916 ", sy goedkeuring te verleen vir die skrapping van klousules 21 (*a*) en 62 van die bestaande regulasies vir die hawens van die Unie en Suidwes-Afrika en die daarin genoemde aanhangsel, en vir die vervanging daarvan deur die volgende gewysigde klousules en aanhangsel genoem in hierdie klousules:—

21. (*a*) Alle skepe moet aan die Regulasies van die Britse Handelsraad vir die voorkoming van botsings op see voldoen, en hetsy in beweging of geanker moet hulle die ligte daarin voorgeskrewe tussen sononder en sonop vertoon. Genoemde regulasies maak 'n aanhangsel van hierdie hawe-regulasies uit.

62. Wanneer klein vaartuie in beweging is tussen sononder en sonop, moet hulle die ligte vertoon, voorgeskrewe in die Regulasies van die Britse Handelsraad vir voorkoming van botsings op see wat 'n aanhangsel van hierdie haweregulasies uitmaak.

Die aanhangsel genoem in klousules 21 (*a*) en 62 is as volg:—

AANHANGSEL.

REGULASIES VAN DIE BRITSE HANDELSRAAD TOT VOORKOMING VAN BOTSINGS OP SEE.

INLEIDING.

Hierdie reëls moet nagekom word deur alle skepe op die ope see en in alle waters in verband daarmee wat bevaarbaar is deur seeskepe.

In die volgende reëls moet elke stoomskip wat onder seil en nie onder stoom is nie, as 'n seilskip beskou word, en moet elke skip onder stoom, hetsy onder seil of nie, as 'n stoomskip beskou word.

Die woord „ stoomskip " sluit in elke skip wat deur middel van masjinerie voortgedryf word.

Ooreenkomstig die betekenis van hierdie reëls is 'n skip „ in beweging " wanneer dit nie geanker lê of aan die strand vasgemaak of gestrand is nie.

REËLS BETREFFENDE LIGTE, ENS.

Die woord „ sigbaar " beteken in hierdie reëls, wanneer dit toegepas word op ligte, sigbaar in 'n donker nag met 'n skoon lug.

Artikel 1.

Daar moet in alle soorte weer van sononder tot sonop uitvoering gegee word aan die reëls betreffende ligte, en gedurende daardie tyd moet geen ander ligte vertoon word wat met die voorgeskrewe ligte verwar kan word nie.

AS CHIEF, IN TERMS OF SECTION *two* (7), AND WITH CIVIL JURISDICTION IN TERMS OF SECTION *twelve* OF ACT No. 38 OF 1927.

Kgabo Moloto of the Moloto Tribe, Molitzie Location, Pietersburg District, with effect from the 11th March, 1931.

Sethlari Tshilwana of the Mapulane Tribe, residing in the area known as " Below the Berg " in the District of Pilgrims Rest, with effect from the date of assumption of duty.

Tulamahashe Xumayo of the Amatshangana Tribe, residing in the area known as the " Southern Lowveldt ", in the District of Pilgrims Rest, with effect from the date of assumption of duty.

Shopiana of the Amahlangana Tribe, residing in the area known as the " Northern Lowveldt ", in the District of Pilgrims Rest, with effect from the date of assumption of duty.

AS CHIEF WITH CRIMINAL JURISDICTION, IN TERMS OF SECTION *twenty* OF ACT No. 38 OF 1927.

Richard Monnokgotla of the Bakwena ba Kubung Tribe, Ventersdorp, with effect from the 1st March, 1934.

Kgabo Moloto of the Moloto Tribe, Molitzie Location, Pietersburg District, with effect from the 1st March, 1934.

AS ACTING CHIEF, IN TERMS OF SECTION *two* (7) OF ACT No. 38 OF 1927, WITH CIVIL AND CRIMINAL JURISDICTION IN TERMS OF SECTIONS *twelve* AND *twenty*, RESPECTIVELY, OF THE ACT.

Harold Makapan, Valtyn's Location, Potgietersrust, with effect from the date of his assumption of duty, pending the assumption of duty of the successor of the late Chief Barend Makapan.

ORANGE FREE STATE.

AS ASSISTANT NATIVE COMMISSIONER, IN TERMS OF SECTION *two* (2) OF ACT No. 38 OF 1927.

G. S. Frank, Bloemfontein District, with effect from the 21st May, 1934.

DEPARTMENT OF RAILWAYS AND HARBOURS.

The following Government Notices are published for general information.

T. H. WATERMEYER,
General Manager.

Office of the General Manager, Johannesburg.

✱ No. 1135.] [17th August, 1934.

His Excellency the Governor-General has been pleased, in terms of section *four* of the Railways and Harbours Regulation, Control and Management Act, 1916, to approve of the deletion of Clauses 21 (*a*) and 62 of the existing Regulations for the Harbours of the Union and South-West Africa and of the Annexure referred to therein, and to the substitution therefor of the following amended clauses and Annexure referred to in these clauses:—

21. (*a*) All ships shall comply with the British Board of Trade Regulations for preventing collisions at sea, and whether under way or at anchor shall exhibit between sunset and sunrise the lights prescribed therein. The Regulations referred to form an annexure to these Harbour Regulations.

62. Small craft when under way between sunset and sunrise shall exhibit the lights prescribed in the British Board of Trade Regulations for preventing collisions at sea, and which form an annexure to these Harbour Regulations.

The annexure referred to in Clauses 21 (*a*) and 62 quoted above is subjoined:—

ANNEXURE.

BRITISH BOARD OF TRADE REGULATIONS FOR PREVENTING COLLISIONS AT SEA.

PRELIMINARY.

These Rules shall be followed by all vessels upon the high seas and in all waters connected therewith, navigable by seagoing vessels.

In the following Rules every steam vessel which is under sail and not under steam is to be considered a sailing vessel, and every vessel under steam, whether under sail or not, is to be considered a steam vessel.

The word " steam vessel " shall include any vessel propelled by machinery.

A vessel is " under way " within the meaning of these Rules when she is not at anchor or made fast to the shore or aground.

RULES CONCERNING LIGHTS, ETC.

The word " visible " in these Rules, when applied to lights, shall mean visible on a dark night with a clear atmosphere.

Article 1.

The Rules concerning lights shall be complied with in all weathers from sunset to sunrise, and during such time no other lights which may be mistaken for the prescribed lights shall be exhibited.

Artikel 2.

Wanneer 'n stoomskip in beweging is, moet dit voorsien wees van—

(*a*) 'n helder wit lig, wat so ontwerp is dat dit 'n ononderbroke lig oor 'n boog van die horison van 20 streke van die kompas vertoon en opgestel is om die lig 10 streke aan elke kant van die vaartuig te laat uitstraal, t.w. reguit tot 2 kompasstreke, aan beide kante, agter die wydste deel van die skip, en van sodanige aard dat dit op 'n afstand van minstens 5 myl sigbaar is, en hierdie lig moet aangebring wees op of vooraan die fokmas of, as dit geen fokmas het nie, dan in die voorste gedeelte van die vaartuig, op 'n hoogte van minstens 20 voet bokant die romp, en as die breedte van die vaartuig 20 voet te bowe gaan, dan op 'n hoogte minstens gelyk aan sodanige breedte bokant die romp, só egter dat die lig nie hoër as 40 voet bokant die romp hoef vertoon te word nie;

(*b*) 'n groen lig aan die stuurboordkant wat sodanig ontwerp is dat dit 'n ononderbroke lig van 10 kompasstreke oor 'n boog van die horison vertoon, en só aangebring dat dit die lig reguit tot twee streke agter die grootste breedte aan die stuurboordkant werp, en van sodanige aard dat dit op 'n afstand van minstens 2 myl sigbaar is;

(*c*) 'n rooi lig aan die bakboordkant wat sodanig ontwerp is dat dit 'n ononderbroke lig van 10 kompasstreke oor 'n boog van die horison vertoon, en só aangebring dat dit die lig reguit tot 2 streke agter die grootste breedte aan die bakboordkant van die skip werp, en van sodanige aard dat dit op 'n afstand van minstens 2 myl sigbaar is;

(*d*) genoemde groen en rooi syligte moet voorsien wees van binneboordse skerms wat minstens 3 voet voor die lig uitstaan sodat hierdie ligte nie oor die boeg gesien kan word nie;

(*e*) 'n bewegende stoomskip kan van 'n addisionele wit lig voorsien wees wat, sover dit die konstruksie daarvan betref, ooreenkom met die lig wat in onderafdeling (*a*) genoem is. Genoemde twee ligte moet so in 'n lyn met die kiel geplaas word dat die een minstens 15 voet hoër as die ander is en in so'n posisie met betrekking tot mekaar dat die onderste lig verder vooruit is as die boonste. Die vertikale afstand tussen hierdie ligte moet minder as die horisontale afstand wees.

Artikel 3.

Wanneer 'n stoomskip 'n ander vaartuig sleep, moet dit, buite en behalwe van sy syligte, ook voorsien wees van twee helder wit ligte in 'n vertikale lyn die een bokant die ander, minstens 6 voet van mekaar af, en as dit meer as een vaartuig sleep, moet dit van 'n ekstra helder wit lig 6 voet bo- of onderkant sulke ligte voorsien wees, as die lengte van die sleeptou van die agterstewe van die sleepboot tot by die agterstewe van die agterste vaartuig wat gesleep word meer as 600 voet is. Elk van hierdie ligte moet van dieselfde ontwerp en aard wees, en moet in dieselfde posisie geplaas word as die in Artikel 2 (*a*) genoemde wit lig, behalwe die addisionele lig wat op 'n hoogte van minstens 14 voet bokant die romp geplaas kan word.

Sodanige stoomskip kan voorsien word van 'n klein wit lig agter die skoorsteen of agtermas sodat die vaartuig wat op sleeptou geneem word, daarvolgens kan koers hou; sodanige lig moet egter nie voor die wydste gedeelte van die skip sigbaar wees nie.

Artikel 4.

(*a*) 'n Vaartuig wat weens 'n ongeval nie onder bevel is nie, moet op dieselfde hoogte as die wit lig genoem in Artikel 2 (*a*), waar dit die beste gesien kan word, en in die geval van 'n stoomskip, in plaas van daardie lig, twee rooi ligte in 'n vertikale lyn vertoon, die een bokant die ander, en nie minder as 6 voet van mekaar af nie en van sodanige aard dat dit rondom die horison, op 'n afstand van minstens 2 myl gesien kan word, en moet oordags twee swart bolle of vorms, elk 2 voet in deursnee in 'n vertikale lyn, die een bokant die ander en nie minder as 6 voet van mekaar af nie, waar hulle die beste gesien kan word, vertoon.

(*b*) 'n Vaartuig wat gebruik word om 'n telegraafkabel te lê of op te hys, moet in dieselfde posisie as die in Artikel 2 (*a*) genoemde wit lig, en indien 'n stoomskip, in plaas van daardie lig, drie ligte in 'n vertikale lyn, die een bokant die ander, minstens 6 voet van mekaar, vertoon. Die hoogste en laagste van hierdie ligte moet rooi en die middelste wit wees, en van sodanige aard dat dit op 'n afstand van minstens 2 myl rondom aan die horison sigbaar is. Gedurende die dag moet die vaartuig drie vorms van minstens 2 voet in deursnee in 'n vertikale lyn, die een bokant die ander minstens 6 voet van mekaar, vertoon, waar dit die beste gesien kan word en waarvan die hoogste en laagste bolvormig en rooi van kleur, en die middelste diamantvormig en wit moet wees.

(*c*) Die vaartuie in hierdie Artikel genoem moet nie die syligte vertoon as hulle stil lê nie, maar wel as hulle in beweging is.

(*d*) Die ligte en vorms wat ingevolge hierdie Artikel vertoon moet word, moet deur ander vaartuie beskou word as seine dat die vaartuig wat dit vertoon nie onder bevel is en derhalwe nie uit die weg kan gaan nie.

Hierdie seine is nie seine van skepe wat in nood verkeer en hulp nodig het nie. Bedoelde seine is vervat in Artikel 31.

Article 2.

A steam vessel when under way shall carry—

(*a*) on or in front of the foremast, or if a vessel without a foremast, then in the fore part of the vessel, at a height above the hull of not less than 20 feet, and if the breadth of the vessel exceeds 20 feet, then at a height above the hull not less than such breadth, so, however, that the light need not be carried at a greater height above the hull than 40 feet, a bright white light, so constructed as to show an unbroken light over an arc of the horizon of 20 points of the compass, so fixed as to throw the light 10 points on each side of the vessel, viz., from right ahead to 2 points abaft the beam on either side, and of such a character as to be visible at a distance of at least 5 miles;

(*b*) on the starboard side a green light so constructed as to show an unbroken light over an arc of the horizon of 10 points of the compass, so fixed as to throw the light from right ahead to 2 points abaft the beam on the starboard side, and of such a character as to be visible at a distance of at least 2 miles;

(*c*) on the port side a red light so constructed as to show an unbroken light over an arc of the horizon of 10 points of the compass, so fixed as to throw the light from right ahead to 2 points abaft the beam on the port side, and of such a character as to be visible at a distance of at least 2 miles;

(*d*) the said green and red side lights shall be fitted with inboard screens projecting at least 3 feet forward from the light, so as to prevent these lights from being seen across the bow;

(*e*) a steam vessel when under way may carry an additional white light similar in construction to the light mentioned in sub-division (*a*). These two lights shall be so placed in line with the keel that one shall be at least 15 feet higher than the other, and in such a position with reference to each other that the lower light shall be forward of the upper one. The vertical distance between these lights shall be less than the horizontal distance.

Article 3.

A steam vessel when towing another vessel shall, in addition to her side-lights, carry two bright white lights in a vertical line one over the other, not less than 6 feet apart, and when towing more than one vessel shall carry an additional bright white light 6 feet above or below such lights, if the length of the tow, measuring from the stern of the towing vessel to the stern of the last vessel towed, exceeds 600 feet. Each of these lights shall be of the same construction and character, and shall be carried in the same position as the white light mentioned in Article 2 (*a*), except the additional light, which may be carried at a height of not less than 14 feet above the hull.

Such steam vessel may carry a small white light abaft the funnel or aftermast for the vessel towed to steer by, but such light shall not be visible forward of the beam.

Article 4.

(*a*) A vessel which from any accident is not under command shall carry at the same height as the white light mentioned in Article 2 (*a*), where they can best be seen, and, if a steam vessel, in lieu of that light, two red lights, in a vertical line one over the other, not less than 6 feet apart, and of such a character as to be visible all round the horizon at a distance of at least 2 miles; and shall by day carry in a vertical line one over the other not less than 6 feet apart, where they can best be seen, two black balls or shapes each 2 feet in diameter.

(*b*) A vessel employed in laying or in picking up a telegraph cable shall carry in the same position as the white light mentioned in Article 2 (*a*), and if a steam vessel, in lieu of that light, three lights in a vertical line one over the other, not less than 6 feet apart. The highest and lowest of these lights shall be red, and the middle light shall be white, and they shall be of such a character as to be visible all round the horizon, at a distance of at least 2 miles. By day she shall carry in a vertical line one over the other, not less than 6 feet apart, where they can best be seen, three shapes not less than 2 feet in diameter, of which the highest and lowest shall be globular in shape and red in colour, and the middle one diamond in shape and white.

(*c*) The vessels referred to in this article when not making way through the water, shall not carry the side-lights, but when making way shall carry them.

(*d*) The lights and shapes required to be shown by this Article are to be taken by other vessels as signals that the vessel showing them is not under command and cannot therefore get out of the way.

These signals are not signals of vessels in distress and requiring assistance. Such signals are contained in Article 31.

Artikel 5.

'n Seilskip wat in beweging is en elke vaartuig wat gesleep word, moet dieselfde ligte vertoon wat by Artikel 2 voorgeskryf is vir 'n stoomboot in beweging, met uitsondering van die daarin genoemde wit ligte wat hulle nooit moet vertoon nie.

Artikel 6.

Wanneer die groen en rooi syligte nie vasgemaak kan word nie, soos in die geval van klein vaartuie in beweging gedurende slegte weer, moet hierdie ligte byderhand gehou word, aangesteek en gereed vir gebruik, en moet by nadering van of na ander vaartuie, aan hul onderskeie kante op sodanige wyse dat hulle duidelik sigbaar is betyds vertoon word om botsing te voorkom, en sodat die groen lig nie aan die bakboordkant en die rooi lig nie aan die stuurboordkant gesien kan word nie, en ook nie meer as 2 streke agter die grootste breedte aan hul onderskeie kante, as dit moontlik is nie.

Ten einde die gebruik van hierdie draagbare ligte sekerder en makliker te maak, moet elk van die lanterns wat die ligte werp aan die buitekant geskilder word met die kleur van die lig wat hulle onderskeidelik werp, en voorsien wees van behoorlike skerms.

Artikel 7.

Stoomskepe van minder as 40, en vaartuie wat geroei word of onder seil vaar van minder as 20 ton bruto, onderskeidelik, en roeibote wat in beweging is, is nie verplig om die in Artikel 2 (*a*), (*b*) en (*c*) genoemde ligte te vertoon nie, maar as hulle dit nie voer nie, moet hulle van die volgende ligte voorsien wees: —

(1) Stoomskepe van minder as 40 ton moet voorsien wees van—

(*a*) 'n helder wit lig, ontwerp en aangebring soos voorgeskryf in Artikel 2 (*a*), in die voorstewe van die vaartuig, op of voor die skoorsteen, waar dit die beste gesien kan word, en op 'n hoogte van minstens 9 voet bokant die dolboord, en van sodanige aard dat dit op 'n afstand van minstens 2 myl sigbaar is;

(*b*) groen en rooi syligte ontwerp en aangebring soos in Artikel 2 (*b*) en (*c*) voorgeskryf, en van sodanige aard dat dit op 'n afstand van minstens 1 myl sigbaar is, of 'n saamgestelde lantern wat 'n groen en 'n rooi lig reguit tot twee streke agter die grootste breedte van die vaartuig aan hul onderskeie kante werp. Sodanige lantern moet minstens 3 voet onderkant die wit lig geplaas word.

(2) Stoombootjies, soos dié wat aan boord seeskepe vervoer word, kan die wit lig op 'n hoogte van minder as 9 voet bokant die dolboord vertoon, maar dit moet bokant die saamgestelde lantern genoem in onderafdeling 1 (*b*) wees.

(3) Vaartuie onder 20 ton wat deur middel van roeispane of seile voortbeweeg word, moet 'n lantern met 'n groen glas aan die een kant en 'n rooi glas aan die ander kant byderhand hê wat by nadering van of na ander vaartuie, betyds vertoon moet word ten einde botsing te voorkom, en op sodanige wyse dat die groen lig nie aan die bakboordsy, en die rooi lig nie aan die stuurboordsy gesien kan word nie.

(4) Roeibote, hetsy deur middel van roeiers of seile voortbeweeg, moet 'n lantern byderhand hê wat 'n wit lig vertoon, en wat tydelik en betyds vertoon moet word ten einde botsing te voorkom.

Die vaartuie genoem in hierdie Artikel is nie verplig om die ligte voorgeskryf by Artikel 4 (*a*) en die laaste paragraaf van Artikel 11 te vertoon nie.

Artikel 8.

Loodsbote wat gebruik word by hulle stasie vir loodsdiens, moet nie die ligte vertoon wat vir ander vaartuie vereis word nie, maar moet 'n wit lig aan die mastop dra, wat rondom aan die horison sigbaar is, en moet ook 'n opflikkerende lig of ligte by kort tussenpose van hoogstens vyftien minute vertoon.

By nadering van of na ander vaartuie moet hulle hul syligte gereed hê vir gebruik, en moet dit by kort tussenpose flikker of vertoon om aan te dui in watter rigting hulle stuur, maar die groen lig moet nie aan die bakboordsy en die rooi lig nie aan die stuurboordsy vertoon word nie.

'n Loodsboot van die tipe wat verplig is om langs 'n vaartuig te gaan om 'n loods aan boord te sit, kan die wit lig vertoon in plaas van dit aan die mastop te dra en kan, in plaas van die bogenoemde gekleurde ligte, 'n lantern met 'n groen glas aan die een kant en 'n rooi glas aan die ander kant byderhand hou, gereed vir gebruik soos hierbo bepaal.

'n Stoomloodsboot wat uitsluitend gebruik word vir die diens van loodse wat gelisensieer of gesertifiseer is deur 'n gesaghebbende van loodswese of die Komitee van 'n loodswesedistrik moet, wanneer werksaam op sy stasie op diens in verband met die loodswese en nie geanker nie, behalwe die ligte wat nodig is vir alle loodsbote, op 'n afstand van ag voet onderkant sy wit lig aan die top van die mas 'n rooi lig vertoon wat rondom aan die horison sigbaar is en van sodanige aard dat dit gesien kan word gedurende 'n donker nag met 'n skoon lug op 'n afstand van minstens twee myl, en ook die gekleurde syligte wat vereis word op vaartuie wat in beweging is.

Article 5.

A sailing vessel under way, and any vessel being towed, shall carry the same lights as are prescribed by Article 2 for a steam vessel under way, with the exception of the white lights mentioned therein, which they shall never carry.

Article 6.

Whenever, as in the case of small vessels under way during bad weather, the green and red side-lights cannot be fixed, these lights shall be kept at hand lighted and ready for use; and shall, on the approach of or to other vessels, be exhibited on their respective sides in sufficient time to prevent collision, in such manner as to make them most visible, and so that the green light shall not be seen on the port side nor the red light on the starboard side, nor, if practicable, more than 2 points abaft the beam on their respective sides.

To make the use of these portable lights more certain and easy, the lanterns containing them shall each be painted outside with the colour of the light they respectively contain, and shall be provided with proper screens.

Article 7.

Steam vessels of less than 40, and vessels under oars or sails of less than 20 tons gross tonnage, respectively, and rowing boats, when under way, shall not be obliged to carry the lights mentioned in Article 2 (*a*), (*b*), and (*c*), but if they do not carry them they shall be provided with the following lights: —

(1) Steam vessels of less than 40 tons shall carry—

(*a*) In the fore part of the vessel, or on or in front of the funnel, where it can best be seen, and at a height above the gunwale of not less than 9 feet, a bright white light constructed and fixed as prescribed in Article 2 (*a*), and of such a character as to be visible at a distance of at least 2 miles.

(*b*) Green and red side-lights constructed and fixed as prescribed in Article 2 (*b*) and (*c*), and of such a character as to be visible at a distance of at least 1 mile, or a combined lantern showing a green light and a red light from right ahead to 2 points abaft the beam on their respective sides. Such lantern shall be carried not less than 3 feet below the white light.

(2) Small steamboats, such as are carried by seagoing vessels, may carry the white light at a less height than 9 feet above the gunwale, but it shall be carried above the combined lantern, mentioned in sub-division 1 (*b*).

(3) Vessels under oars or sails of less than 20 tons shall have ready at hand a lantern with a green glass on one side and a red glass on the other, which, on the approach of or to other vessels, shall be exhibited in sufficient time to prevent collision, so that the green light shall not be seen on the port side nor the red light on the starboard side.

(4) Rowing boats, whether under oars or sail, shall have ready at hand a lantern showing a white light, which shall be temporarily exhibited in sufficient time to prevent collision.

The vessels referred to in this Article shall not be obliged to carry the lights prescribed by Artikel 4 (*a*) and Article 11, last paragraph.

Article 8.

Pilot-vessels, when engaged on their station on pilotage duty, shall not show the lights required for other vessels, but shall carry a white light at the masthead, visible all round the horizon, and shall also exhibit a flare-up light or flare-up lights at short intervals, which shall never exceed fifteen minutes.

On the near approach of or to other vessels they shall have their side-lights lighted, ready for use, and shall flash or show them at short intervals, to indicate the direction in which they are heading, but the green light shall not be shown on the port side nor the red light on the starboard side.

A pilot-vessel of such a class as to be obliged to go alongside of a vessel to put a pilot on board, may show the white light instead of carrying it at the masthead, and may, instead of the coloured lights above mentioned, have at hand ready for use a lantern with a green glass on the one side and a red glass on the other, to be used as prescribed above.

A steam pilot-vessel exclusively employed for the service of pilots licensed or certified by any pilotage authority or the committee of any pilotage district, when engaged on her station on pilotage duty and not at anchor, shall, in addition to the lights required for all pilot boats, carry at a distance of 8 feet below her white masthead light a red light visible all round the horizon and of such a character as to be visible on a dark night with a clear atmosphere at a distance of at least two miles, and also the coloured side-lights required to be carried by vessels when under way.

Wanneer in diens op sy stasie op loodswerk en solank hy geanker lê, moet hy behalwe die ligte wat vereis word op alle loodsbote, die bogenoemde rooi lig vertoon, dog nie die gekleurde syligte nie.

Wanneer loodsbote nie besig op hulle stasie in verband met die loodsdiens is nie, moet hul ligte vertoon wat dieselfde is as dié van ander vaartuie van gelyke tonmaat.

Artikel 9.

* † Vissersvaartuie en vissersbote wat in beweging is en nie kragtens hierdie Artikel verplig is om die hierin genoemde ligte te dra of te vertoon nie, moet die ligte wat voorgeskryf is vir vaartuie van hul tonmaat wat in beweging is, dra of vertoon.

(*a*) Wanneer oop bote, waaronder verstaan word bote wat nie beskerm is teen die instroming van seewater deur middel van 'n deurlopende dek nie, gedurende die nag vis vang met uitgespreide visvanggoed wat nie meer as 150 voet horisontaal van die boot af in die see strek nie, moet hulle een algemene wit lig vertoon.

Oop bote wat gedurende die nag vis vang met uitgespreide visvanggoed, wat meer as 150 voet horisontaal van die boot in die see strek, moet een algemene wit lig vertoon; en buitendien moet hulle, wanneer hulle ander vaartuie nader of deur ander vaartuie genader word, 'n tweede wit lig minstens 3 voet onderkant die eerste lig vertoon, en op 'n horisontale afstand van minstens 5 voet van daardie lig af in die rigting waarin die uitgespreide visvanggoed geheg is.

‡(*b*) Wanneer vaartuie en bote, behalwe oop bote soos omskryf in onderafdeling (*a*), met dryfnette vis, moet hulle, solank as die nette heeltemal of gedeeltelik in die water is, twee wit ligte vertoon waar dit bes gesien kan word. Daardie ligte moet sodanig geplaas word dat die vertikale afstand daartussen nie minder as 6 voet en nie meer as 15 voet is nie, en sodat die horisontale afstand tussen hulle, in lyn met die kiel gemeet, nie minder as 5 voet en nie meer as 10 voet is nie. Die onderste lig moet in die rigting van die nette skyn en albei moet van so 'n aard wees dat dit rondom aan die horison wys, en op 'n afstand van nie minder as 3 myl sigbaar is nie.

In die Middellandse see en die seë wat grens aan die kuste van Japan en Korea† is seilvisvaartuie van minder as 20 ton bruto nie verplig om die onderste van hierdie twee ligte te vertoon nie; as hulle dit egter nie vertoon nie, moet hulle op dieselfde plek (in die rigting van die net of vistuig) 'n wit lig vertoon wat sigbaar is op 'n afstand van nie minder as een seemyl nie wanneer hulle deur ander vaartuie genader word of ander vaartuie nader.

(*c*) Wanneer vaartuie en bote, behalwe oop bote soos omskryf in onderafdeling (*a*), met toue vis en hulle toue uit en vasgemaak is, of as hulle dit optrek en nie geanker of stil lê nie, volgens die betekenis van onderafdeling (*h*), moet hulle dieselfde ligte vertoon as vaartuie wat met dryfnette vis. As hulle die toue uitwerp of met sleeptoue vis, moet hulle dieselfde ligte vertoon wat onderskeidelik vir 'n stoom- of seilskip in beweging voorgeskryf is.

In die Middellandse see en in die seë wat grens aan die kuste van Japan en Korea§ is seilvisvaartuie van minder as 20 ton bruto nie verplig om die onderste van hierdie twee ligte te vertoon nie; as hulle dit egter nie vertoon nie moet hulle op dieselfde plek (in die rigting van die toue) 'n wit lig vertoon wat sigbaar is op 'n afstand van minstens een seemyl, wanneer hulle deur ander vaartuie genader word of ander vaartuie nader.

(*d*) Wanneer vaartuie sleepnette trek, waarby bedoel word die sleep van 'n apparaat op die bodem van die see, moet hulle—

(1) as dit stoomskepe is, op dieselfde plek as die wit lig genoem in Artikel 2 (*a*) 'n driekleurige lantern dra, sodanig ontwerp en aangeheg om 'n wit lig reguit tot twee streke aan elke boeg te vertoon, en 'n groen en 'n rooi lig oor 'n boog van die horison van twee streke aan elke boeg tot by twee streke agter die grootste breedte aan die stuurboord- en bakboordsy, onderskeidelik, en minstens 6 maar hoogstens 12 voet onderkant die driekleurige lantern, 'n wit lig in 'n lantern, so ontwerk om 'n helder, eenvormige en ononderbroke lig rondom die horison te wys;

* Hierdie Artikel het nie op Sjinese of Siamese vaartuie betrekking nie.

† Die uitdrukking „ Middellandse See ", vervat in onderafdelings (*b*) en (*c*) van hierdie Artikel, sluit die Swartsee in, asook die ander aangrensende binnelandse seë wat daarmee verbind is.

‡ Wanneer Hollandse vaartuie en bote besig is om in die „ Kol ", of met handlyn vis te vang, moet hulle voorsien wees van die ligte wat voorgeskrewe is vir vaartuie wat vis met dryfnette.

§ En ook met betrekking tot Russiese vaartuie, in die seë (met uitsondering van die Baltiese See) wat die kuste van Rusland bespoel.

When engaged on her station on pilotage duty and at anchor she shall carry, in addition to the lights required for all pilot boats, the red light above mentioned, but not the coloured side-lights.

Pilot-vessels, when not engaged on their station on pilotage duty, shall carry lights similar to those of other vessels of their tonnage.

Article 9.

* † Fishing-vessels and fishing-boats, when under way and when not required by this Article to carry or show the lights hereinafter specified, shall carry or show the lights prescribed for vessels of their tonnage under way.

(*a*) Open boats, by which it is to be understood boats not protected from the entry of sea water by means of a continuous deck, when engaged in any fishing at night with outlying tackle extending not more than 150 feet horizontally from the boat into the seaway, shall carry one all-round white light.

Open boats when fishing at night with outlying tackle extending more than 150 feet horizontally from the boat into the seaway, shall carry one all-round white light, and in addition, on approaching or being approached by other vessels, shall show a second white light at least 3 feet below the first light and at a horizontal distance of at least 5 feet away from it in the direction in which the outlying tackle is attached.

‡(*b*) Vessels and boats except open boats as defined in subdivision (*a*), when fishing with drift-nets, shall, so long as the nets are wholly or partly in the water, carry two white lights where they can best be seen. Such lights shall be placed so that the vertical distance between them shall be not less than 6 feet and not more than 15 feet, and so that the horizontal distance between them, measured in a line with the keel, shall be not less than 5 feet and not more than 10 feet. The lower of these two lights shall be in the direction of the nets, and both of them shall be of such a character as to show all round the horizon and to be visible at a distance of not less than 3 miles.

Within the Mediterranean Sea and in the seas bordering the coasts of Japan and Korea† sailing fishing-vessels of less than 20 tons gross tonnage shall not be obliged to carry the lower of these two lights; should they, however, not carry it, they shall show in the same position (in the direction of the net or gear) a white light, visible at a distance of not less than one sea mile, on the approach of or to other vessels.

(*c*) Vessels and boats, except open boats as defined in subdivision (*a*), when line-fishing with their lines out and attached to or hauling their lines, and when not at anchor or stationary within the meaning of sub-division (*h*), shall carry the same lights as vessels fishing with drift-nets. When shooting lines, or fishing with towing lines, they shall carry the lights prescribed for a steam or sailing vessel under way respectively,

Within the Mediterranean Sea and in the seas bordering the coasts of Japan and Korea§ sailing fishing vessels of less than 20 tons gross tonnage shall not be obliged to carry the lower of these two lights; should they, however, not carry it, they shall show in the same position (in the direction of the lines) a white light, visible at a distance of not less than one sea mile on the approach of or to other vessels.

(*d*) Vessels, when engaged in trawling, by which is meant the dragging of an apparatus along the bottom of the sea—

(1) if steam vessels, shall carry in the same position as the white light mentioned in Article 2 (*a*), a tri-coloured lantern so constructed and fixed as to show a white light from right ahead to two points on each bow, and a green light and a red light over an arc of the horizon from two points on each bow to two points abaft the beam on the starboard and port sides respectively; and not less than 6 nor more than 12 feet below the tri-coloured lantern a white light in a lantern so constructed as to show a clear uniform and unbroken light all round the horizon;

* This Article does not apply to Chinese or Siamese vessels.

† The expression " Mediterranean Sea " contained in subsections (*b*) and (*c*) of this Article includes the Black Sea and the other adjacent inland seas in communication with it.

‡ Dutch vessels and boats when engaged in the " kol " or hand-line fishing will carry the lights prescribed for vessels fishing with drift-nets.

§ Also, as regards Russian vessels, in the seas (excluding the Baltic) bordering the coasts of Russia.

(2) as dit seilskepe is, moet hulle 'n wit lig in 'n lantern vertoon, sodanig ontwerp dat dit 'n helder, eenvormige en ononderbroke lig rondom aan die horison wys, en ook moet hulle by nadering van of na ander skepe, waar dit bes gesien kan word, 'n wit opflikkerende lig of toorts betyds vertoon om 'n botsing te voorkom.

Alle ligte genoem in onderafdeling (*d*) (1) en (2) moet sigbaar wees op 'n afstand van minstens 2 myl.

(*e*) Oester-baggernet- en ander vaartuie wat met baggernette vis, moet dieselfde ligte vertoon as vaartuie wat met sleepnette vis.

(*f*) Vissersvaartuie en -bote kan altyd 'n flikkerlig gebruik, buite en behalwe die ligte wat hulle kragtens hierdie Artikel verplig is om aan boord te hê en te vertoon, en ook kan hulle gebruik maak van werkligte.

(*g*) Elke vissersvaartuig en -boot wat minder as 150 voet lank is, moet, wanneer dit geanker lê, 'n wit lig vertoon wat sigbaar is rondom aan die horison op 'n afstand van minstens een myl.

Elke vissersvaartuig wat 150 voet of langer is moet, as dit geanker lê, 'n wit lig vertoon wat rondom aan die horison sigbaar is op 'n afstand van minstens een myl, en moet 'n tweede lig vertoon soos bepaal in Artikel 11 vir vaartuie van sodanige lengte.

Ingeval sodanige vaartuig, of dit minder as 150 voet of 150 voet of langer is, vasgeheg is aan 'n net of ander vistuig, moet dit by nadering van ander vaartuie 'n addisionele wit lig minstens 3 voet onder die ankerlig en op 'n horisontale afstand van minstens 5 voet daarvandaan in die rigting van die net of vistuig vertoon.

(*h*) As 'n vaartuig of boot, wanneer dit vir visvang gebruik word, tot stilstand kom deurdat die vistuig vassit aan 'n rots of ander versperring, moet dit oordag die dagsinjaal, vereis kragtens onderafdeling (*k*) stryk, in die nag die lig of ligte voorgeskryf vir 'n vaartuig wat geanker lê vertoon en gedurende mistige of newelagtige weer, kapok of swaar reënstorms die sein gee wat voorgeskryf is vir 'n vaartuig wat geanker lê. [Sien onderafdeling (*d*) en die laaste paragraaf van Artikel 15.]

(*i*) By mistige of newelagtige weer, kapok of swaar reënstorms moet dryfnetvaartuie wat vasgemaak is aan hul nette en vaartuie wat sleepnette trek, baggerwerk verrig of visvang met enige soort treknet, en vaartuie wat met toue vis en die toue uitgewerp is, as hulle van 20 ton bruto of meer is, onderskeidelik met tussenpose van nie meer as een minuut nie 'n stoot gee, as dit stoomvaartuie is, met die fluit of mishoring, en as dit seilskepe is met die mishoring. Na elke stoot moet die klok gelui word. Vissersvaartuie en -bote van minder as 20 ton bruto is nie verplig om bogenoemde tekens te gee nie; maar as hulle dit nie doen nie moet hulle een of ander doeltreffende geluidsein by tussenpose van hoogstens een minuut gee.

(*k*) Alle vaartuie of bote wat met nette of toue of sleepnette vis wanneer hulle in beweging is, moet oordag vir 'n naderende vaartuig aandui waarmee hulle besig is deur 'n mandjie of ander doeltreffende sein te vertoon waar dit bes gesien kan word. As vaartuie of bote geanker lê met hulle vistuig uit, moet hulle by nadering van ander vaartuie dieselfde sein gee aan die kant waar daardie vaartuie verby kan gaan.

Die vaartuie wat kragtens hierdie Artikel verplig is om die hierin genoemde ligte aan boord te hê of te vertoon, is nie verplig om die ligte voorgeskryf by Artikel (4) (*a*) en die laaste paragraaf van Artikel 11 aan boord te hê nie.

Artikel 10.

'n Vaartuig wat ingehaal word deur 'n ander moet van sy agterstewe aan sodanige laasgenoemde vaartuig 'n wit lig of 'n opflikkerende lig vertoon.

Die wit lig, wat ooreenkomstig hierdie Artikel vertoon moet word, kan vasgeheg en in 'n lantern vertoon word, maar as dit die geval is, moet die lantern só gemaak, opgestel en beskut wees dat dit 'n ononderbroke lig van 12 kompasstreke oor 'n boog van die horison vertoon, t.w. vir ses streke reg agter aan beide kante van die vaartuig sodat dit sigbaar is op 'n afstand van ten minste een myl. Sodanige lig moet so naby moontlik op dieselfde hoogte as die syligte vertoon word.

Artikel 11.

Wanneer 'n vaartuig, minder as 150 voet lank, geanker lê, moet dit vooraan waar dit bes gesien kan word, maar op 'n hoogte van nie meer as 20 voet nie, bokant die romp, 'n wit lig in 'n lantern vertoon, sodanig ontwerp dat dit 'n helder, eenvormige en ononderbroke lig vertoon wat sigbaar is rondom aan die horison op 'n afstand van minstens 1 myl.

Wanneer 'n vaartuig van 150 voet of langer geanker lê, moet dit in die voorskip op 'n hoogte van nie minder as 20 en nie meer as 40 voet bokant die romp nie, een sodanige lig vertoon en op of naby die agterstewe van die vaartuig, en op so 'n hoogte dat dit nie minder as 15 voet laer is as die voorste lig nie, nog so'n lig.

Die lengte van 'n vaartuig moet beskou word as die lengte wat op sy registrasiesertifikaat aangeteken is. 'n Vaartuig wat gestrand is in of naby 'n vaarwater moet bogenoemde lig of ligte vertoon, asook die twee rooi ligte wat voorgeskrewe is in Artikel 4 (*a*).

(2) if sailing vessels, shall carry a white light in a lantern, so constructed as to show a clear uniform and unbroken light all round the horizon, and shall also, on the approach of or to other vessels, show where it can best be seen a white flare-up light or torch in sufficient time to prevent collision.

All lights mentioned in sub-division (*d*) (1) and (2) shall be visible at a distance of at least 2 miles.

(*e*) Oyster dredgers and other vessels fishing with dredge-nets shall carry and show the same lights as trawlers.

(*f*) Fishing-vessels and fishing-boats may at any time use a flare-up light in addition to the lights which they are by this Article required to carry and show, and they may also use working lights.

(*g*) Every fishing-vessel and every fishing-boat under 150 feet in length, when at anchor, shall exhibit a white light visible all round the horizon at a distance of at least one mile.

Every fishing-vessel of 150 feet in length or upwards, when at anchor, shall exhibit a white light visible all round the horizon at a distance of at least one mile, and shall exhibit a second light as provided for vessels of such length by Article 11.

Should any such vessel, whether under 150 feet in length or of 150 feet in length or upwards, be attached to a net or other fishing gear, she shall on the approach of other vessels show an additional white light at least 3 feet below the anchor light, and at a horizontal distance of at least 5 feet away from it in the direction of the net or gear.

(*h*) If a vessel or boat when fishing becomes stationary in consequence of her gear getting fast to a rock or other obstruction, she shall in daytime haul down the day signal required by sub-division (*k*); at night show the light or lights prescribed for a vessel at anchor; and during fog, mist, falling snow, or heavy rainstorms, make the signal prescribed for a vessel at anchor. [See sub-division (*d*) and the last paragraph of Article 15.]

(*i*) In fog, mist, falling snow, or heavy rainstorms, drift-net vessels attached to their nets, and vessels when trawling, dredging, or fishing with any kind of drag-net, and vessels line fishing with their lines out, shall, if of 20 tons gross tonnage or upwards, respectively, at intervals of not more than one minute make a blast; if steam vessels, with the whistle or siren, and if sailing vessels, with the fog-horn; each blast to be followed by ringing the bell. Fishing vessels and boats of less than 20 tons gross tonnage shall not be obliged to give the above-mentioned signals; but if they do not, they shall make some other efficient sound signal at intervals of not more than one minute.

(*k*) All vessels or boats fishing with nets or lines or trawls, when under way, shall in daytime indicate their occupation to an approaching vessel by displaying a basket or other efficient signal where it can best be seen. If vessels or boats at anchor have their gear out, they shall, on the approach of other vessels, show the same signal on the side on which those vessels can pass.

The vessels required by this Article to carry or show the lights hereinbefore specified shall not be obliged to carry the lights prescribed by article 4 (*a*), and the last paragraph of Article 11.

Article 10.

A vessel which is being overtaken by another shall show from her stern to such last-mentioned vessel a white light or a flare-up light.

The white light required to be shown by this Article may be fixed and carried in a lantern, but in such case the lantern shall be so constructed, fitted, and screened that it shall throw an unbroken light over an arc of the horizon of 12 points of the compass, viz., for 6 points from right aft on each side of the vessel, so as to be visible at a distance of at least 1 mile. Such light shall be carried as nearly as practicable on the same level as the side-lights.

Article 11.

A vessel under 150 feet in length, when at anchor, shall carry forward, where it can best be seen, but at a height not exceeding 20 feet above the hull, a white light in a lantern so constructed as to show a clear, uniform, and unbroken light visible all round the horizon at a distance of at least 1 mile.

A vessel of 150 feet or upwards in length, when at anchor, shall carry in the forward part of the vessel, at a height of not less than 20, and not exceeding 40, feet above the hull, one such light, and at or near the stern of the vessel, and at such a height that it shall be not less than 15 feet lower than the forward light, another such light.

The length of a vessel shall be deemed to be the length appearing in her certificate of registry.

A vessel aground in or near a fairway shall carry the above light or lights and the two red lights prescribed by Article 4 (*a*).

Artikel 12.

As dit nodig is, kan elke vaartuig, om aandag te trek, behalwe die ligte wat dit kragtens hierdie reëls moet vertoon, 'n opflikkerende lig vertoon of 'n knalsienjaal gebruik wat nie met 'n noodsein verwar kan word nie.

Artikel 13.

Geen bepalings van hierdie reëls moet inbreuk maak op die toepassing van spesiale reëls vasgestel deur die Regering van een of ander nasie ten opsigte van addisionele stasie- en sinjaalligte vir twee of meer oorlogskepe of vir vaartuie wat onder konvooi vaar nie, en ook op die vertoning van herkenningsinjale wat gebruik word deur skeepseienaars en wat deur hulle onderskeie Regerings goedgekeur en behoorlik geregistreer en gepubliseer is nie.

Artikel 14.

'n Stoomskip wat slegs onder seil vaar maar met sy skoorsteen op moet gedurende die dag vooraan, waar dit bes gesien kan word, 'n swart bol of vorm, 2 voet in deursnee, vertoon.

GELUIDSEINE VIR MISTIGE WEER, ENS.

Artikel 15.

Al die seine voorgeskryf by hierdie Artikel vir vaartuie wat in beweging is, moet gegee word—

(1) deur ,, stoomskepe '' op die fluit of mishoring;
(2) deur ,, seilskepe en vaartuie wat gesleep word '' op die mishoring.

Die uitdrukking ,, langdurige stoot '' wat in hierdie Artikel gebesig word, beteken 'n stoot van 4 tot 6 sekonde.

'n Stoomskip moet voorsien wees van 'n doeltreffende fluit of mishoring, wat deur middel van stoom of 'n plaasvervanger van stoom geblaas moet word, en sodanig geplaas dat die klank nie deur een of ander obstruksie onderbreek kan word nie, en die skip moet ook voorsien wees van 'n doeltreffende mishoring wat op meganiese wyse geblaas moet word, en ook van 'n doeltreffende klok.* 'n Seilskip van 20 ton bruto of meer moet voorsien wees van 'n soortgelyke mishoring en klok.

Gedurende mistige en newelagtige weer, en wanneer daar kapok val, of gedurende stortbuie, hetsy gedurende die dag of die nag, moet die seine wat in hierdie Artikel genoem is as volg gebruik word:—

(*a*) 'n Stoomskip wat in beweging is, moet by tussenpose van hoogstens 2 minute 'n langdurige stoot gee.
(*b*) 'n Stoomskip wat op tog maar nie in beweging is nie, moet by tussenpose van hoogstens 2 minute, 2 langdurige stote gee, met 'n tussenpoos van omtrent 1 sekonde tussen die stote.
(*c*) 'n Seilskip wat in beweging is, moet by tussenpose van hoogstens 1 minuut, wanneer dit aan die stuurboordkoers is, 1 stoot gee en 2 agtereenvolgende stote as dit op die bakboordkoers is, en as die wind agter die grootste breedte is dan moet die skip 3 agtereenvolgende stote gee.
(*d*) Wanneer 'n skip geanker lê, moet die klok by tussenpose van hoogstens 1 minuut vir ongeveer 5 sekonde vinnig gelui word.
(*e*) Wanneer 'n skip 'n ander skip op sleeptou neem wat gebruik word vir die lê of oplig van 'n telegraafkabel en 'n vaartuig in beweging, wat nie uit die weg van 'n naderende vaartuig kan kom nie omdat dit nie onder bevel is nie, of wat nie kan beweeg nie soos vereis kragtens hierdie reëls nie, moet in plaas van die seine voorgeskryf in onderafdelings (*a*) en (*c*) van hierdie Artikel, by tussenpose van hoogstens 2 minute, 3 agtereenvolgende stote gee, nl., 1 langdurige stoot gevolg deur 2 kort stote. 'n Vaartuig op sleeptou moet hierdie en geen ander sein gee nie.

Seilskepe en -bote van minder as 20 ton bruto is nie verplig om bogenoemde seine te gee nie, maar as hulle dit nie doen nie dan moet hulle een of ander doeltreffende geluidsein by tussenpose van hoogstens 1 minuut gee.†

SNELHEID VAN SKEPE MOET MATIG WEES IN MISTIGE WEER, ENS.

Artikel 16.

Elke vaartuig moet gedurende mistige of newelagtige weer, of wanneer daar kapok of swaar stortbuie val, met 'n matige snelheid gaan, met behoorlike inagneming van bestaande omstandighede en toestande.

'n Stoomskip wat, vermoedelik voor sy stewe, die missein hoor van 'n vaartuig waarvan die posisie nie seker is nie, moet sover die omstandighede dit moontlik maak, sy masjiene stop en dan versigtig vaar totdat die gevaar van 'n botsing verby is.

* In alle gevalle waar die reëls vereis dat 'n klok gebruik moet word, kan 'n drom aan boord Turkse vaartuie in die plek daarvan gestel word of 'n gong in gevalle waar sodanige voorwerpe gebruik word aan boord klein seeskepe.

† Wanneer Hollandse stoomloodsbote in diens is op hulle stasie in verband met loodswerk, gedurende newelagtige of mistige weer en wanneer daar kapok of stortbuie val, moet by tussenpose van 2 minute op sy langste een lang stoot op die mishoring gegee word, gevolg na een sekonde deur 'n lang fluit met die stoomfluit en weer na 1 sekonde deur 'n lang stoot op die mishoring. Wanneer nie in diens op hulle stasie in verband met loodswerk nie, moet hulle dieselfde seine gee as ander stoomskepe.

Article 12.

Every vessel may, if necessary in order to attract attention, in addition to the lights which she is by these Rules required to carry, show a flare-up light or use any detonating signal that cannot be mistaken for a distress signal.

Article 13.

Nothing in these Rules shall interfere with the operation of any special rules made by the Government of any nation with respect to additional station and signal lights for two or more ships of war or for vessels sailing under convoy, or with the exhibition of recognition signals adopted by shipowners, which have been authorized by their respective Governments and duly registered and published.

Article 14.

A steam vessel proceeding under sail only, but having her funnel up, shall carry in daytime, forward, where it can best be seen, one black ball or shape 2 feet in diameter.

SOUND-SIGNALS FOR FOG, ETC.

Article 15.

All signals prescribed by this Article for vessels under way shall be given—

(1) by '' steam vessels '' on the whistle or siren;
(2) by '' sailing vessels and vessels towed '' on the fog-horn.

The words '' prolonged blast '' used in this Article shall mean a blast of from 4 to 6 seconds' duration.

A steam vessel shall be provided with an efficient whistle or siren, sounded by steam or some substitute for steam, so placed that the sound may not be intercepted by any obstruction, and with an efficient fog-horn, to be sounded by mechanical means, and also with an efficient bell.* A sailing vessel of 20 tons gross tonnage or upwards shall be provided with a similar fog-horn and bell.

In fog, mist, falling snow, or heavy rainstorms, whether by day or night, the signals described in this Article shall be used as follows, viz.:—

(*a*) A steam vessel having way upon her, shall sound, at intervals of not more than two minutes, a prolonged blast.
(*b*) A steam vessel under way, but stopped and having no way upon her, shall sound, at intervals of not more than 2 minutes, two prolonged blasts, with an interval of about 1 second between them
(*c*) A sailing vessel under way shall sound, at intervals of not more than 1 minute, when on the starboard tack, one blast; when on the port tack, two blasts in succession; and when with the wind abaft the beam, three blasts in succession.
(*d*) A vessel, when at anchor, shall, at intervals of not more than 1 minute, ring the bell rapidly for about 5 seconds.
(*e*) A vessel, when towing, a vessel employed in laying or in picking up a telegraph cable, and a vessel under way, which is unable to get out of the way of an approaching vessel through being not under command, or unable to manœuvre as required by these Rules shall, instead of the signals prescribed in sub-divisions (*a*) and (*c*) of this Article, at intervals of not more than two minutes, sound three blasts in succession, viz., one prolonged blast followed by two short blasts. A vessel towed may give this signal, and she shall not give any other.

Sailing vessels and boats of less than 20 tons gross tonnage shall not be obliged to give the above-mentioned signals, but if they do not, they shall make some other efficient sound-signal at intervals of not more than 1 minute.†

SPEED OF SHIPS TO BE MODERATE IN FOG, ETC.

Article 16.

Every vessel shall, in a fog, mist, falling snow, or heavy rainstorms, go at a moderate speed, having careful regard to the existing circumstances and conditions.

A steam vessel hearing, apparently forward of her beam, the fog-signal of a vessel, the position of which is not ascertained, shall, so far as the circumstances of the case admit, stop her engines, and then navigate with caution until danger of collision is over.

* In all cases where the rules require a bell to be used, a drum may be substituted on board Turkish vessels, or a gong where such articles are used on board small sea-going vessels.

† Dutch steam pilot-vessels, when engaged on their station on pilotage duty in fog, mist, falling snow, or heavy rainstorms are required to make at intervals of 2 minutes at most one long blast with the siren, followed after 1 second by a long blast with the steam whistle and again after 1 second by a long blast on the siren. When not engaged on their station on pilotage duty, they make the same signals as other steamships.

REELS INSAKE DIE STUUR EN SEIL VAN VAARTUIE.

INLEIDING—GEVAAR VAN BOTSINGS.

Die gevaar van 'n botsing kan, wanneer omstandighede dit moontlik maak, vasgestel word deur noukeurig te let op die kompaspeiling van 'n naderende skip. As die peiling nie aanmerklik verander nie dan moet dit beskou word dat sodanige gevaar bestaan.

Artikel 17.

Wanneer twee seilskepe mekaar nader en daar gevaar van 'n botsing bestaan, moet een van hulle uit die pad van die ander bly en wel op die volgende manier:—

(*a*) 'n Skip wat vry vaar moet uit die pad hou van 'n skip wat by die wind vaar.

(*b*) 'n Skip wat by die wind vaar aan die bakboordkoers moet uit die pad bly van 'n skip wat by die wind vaar aan die stuurboordkoers.

(*c*) Wanneer beide skepe vry vaar met die wind aan verskillende kante dan moet die skip wat die wind aan die bakboordkant het uit die pad van die ander skip bly.

(*d*) Wanneer beide skepe vry vaar, met die wind aan dieselfde kant dan moet die skip wat bokant die wind is uit die pad bly van die skip wat onderkant die wind is.

(*e*) 'n Skip wat die wind van agter het, moet uit die pad bly van die ander skip.

Artikel 18.

Wanneer twee stoomskepe mekaar in of in byna teenoorgestelde rigtings nader, sodat daar gevaar van botsing is, moet elk sy koers verander na stuurboord sodat die een aan die bakboordsy van die ander verby kan gaan.

Hierdie artikel is slegs van toepassing in gevalle waar skepe mekaar in of in byna teenoorgestelde rigtings nader op sodanige wyse dat daar gevaar van 'n botsing is, en is nie van toepassing op twee skepe wat op 'n veilige afstand mekaar moet verbygaan as beide op hul onderskeie koerse hou nie.

Die enigste gevalle waarop dit van toepassing is, is wanneer beide skepe mekaar in of in byna teenoorgestelde rigting nader; met ander woorde, in gevalle waar elke skip gedurende die dag die maste van die ander skip in 'n lyn, of byna in 'n lyn, met sy eie maste sien, en gedurende die nag, in gevalle waar elke skip in so'n posisie is dat dit beide die syligte van die ander kan sien.

Gedurende die dag is dit nie van toepassing in gevalle waar 'n skip 'n ander skip voor hom oor sy eie koers sien vaar nie, of, gedurende die nag, in gevalle waar die rooi lig van een skip teenoor die rooi lig van die ander gestel is of waar die groen lig van een skip teenoor die groen lig van die ander gestel is, of waar 'n rooi lig sonder 'n groen lig of 'n groen lig sonder 'n rooi lig vooruit gesien word, of waar beide groen en rooi lig op een of ander punt maar nie van voor gesien word nie.

Artikel 19.

As twee stoomskepe bymekaar verbygaan en daar gevaar van 'n botsing is, moet die skip wat die ander aan sy stuurboordkant het uit die pad van daardie skip bly.

Artikel 20.

Wanneer 'n stoomskip en 'n seilskip in sodanige rigtings vaar dat daar gevaar van 'n botsing is, moet die stoomskip uit die pad van die seilskip hou.

Artikel 21.

Wanneer een van twee skepe ooreenkomstig hierdie reëls uit die pad van die ander moet hou, moet die ander skip op sy koers hou en sy snelheid handhaaf.

OPMERKING.—Wanneer so'n skip, as gevolg van betrokke weer of om ander redes, so naby is dat 'n botsing nie deur die skip wat padgee alleen vermy kan word nie, moet daardie skip ook die beste middels aanwend om 'n botsing te voorkom. (Sien Artikels 27 en 29.)

Artikel 22.

Elke skip wat ooreenkomstig hierdie reëls uit die pad van 'n ander moet bly, moet, as die omstandighede dit moontlik maak, nie voor die ander skip verbygaan nie.

Artikel 23.

Elke stoomskip wat ooreenkomstig hierdie reëls uit die pad van 'n ander skip moet bly, moet, as dit nodig is, sy snelheid verminder of stop of in 'n ander rigting stuur wanneer hy daardie skip nader.

Artikel 24.

Nieteenstaande die bepalings van hierdie reëls, moet elke skip wat 'n ander inhaal, uit die pad bly van die skip wat ingehaal is.

Elke skip wat 'n ander skip inhaal uit 'n rigting meer as twee streke agter sy grootste breedte, d.w.s. in sodanige posisie, met betrekking tot die skip wat hy inhaal, dat hy gedurende die nag nie daardie skip se syligte kan sien nie, moet beskou word as 'n skip wat 'n ander skip inhaal, en geen latere verandering van die koers tussen die twee skepe maak die skip wat die ander inhaal, 'n verbygaande skip in die betekenis van hierdie reëls nie, en onthef hom van die verpligting om weg te bly van die ingehaalde skip tot tyd en wyl hy eindelik verby en uit die pad is nie.

STEERING AND SAILING RULES.

PRELIMINARY—RISK OF COLLISION.

Risk of collision can, when circumstances permit, be ascertained by carefully watching the compass bearing of an approaching vessel. If the bearing does not appreciably change, such risk should be deemed to exist.

Article 17.

When two sailing vessels are approaching one another, so as to involve risk of collision, one of them shall keep out of the way of the other as follows, viz.:—

(*a*) A vessel which is running free shall keep out of the way of a vessel which is close-hauled.

(*b*) A vessel which is close-hauled on the port tack shall keep out of the way of a vessel which is close-hauled on the starboard tack.

(*c*) When both are running free, with the wind on different sides, the vessel which has the wind on the port side shall keep out of the way of the other.

(*d*) When both are running free, with the wind on the same side, the vessel which is to windward shall keep out of the way of the vessel which is to leeward.

(*e*) A vessel which has the wind aft shall keep out of the way of the other vessel.

Article 18.

When two steam vessels are meeting end on, or nearly end on, so as to involve risk of collision, each shall alter her course to starboard, so that each may pass on the port side of the other.

This Article only applies to cases where vessels are meeting end on, or nearly end on, in such a manner as to involve risk of collision, and does not apply to two vessels which must, if both keep on their respective courses, pass clear of each other.

The only cases to which it does apply are when each of the two vessels is end on, or nearly end on, to the other; in other words, to cases in which, by day, each vessel sees the masts of the other in a line, or nearly in a line, with her own; and, by night, to cases in which each vessel is in such a position as to see both the side-lights of the other.

It does not apply, by day, to cases in which a vessel sees another ahead crossing her own course; or by night, to cases where the red light of one vessel is opposed to the red light of the other, or where the green light of one vessel is opposed to the green light of the other, or where a red light without a green light, or a green light without a red light, is seen ahead, or where both green and red lights are seen anywhere but ahead.

Article 19.

When two steam vessels are crossing, so as to involve risk of collision, the vessel which has the other on her own starboard side shall keep out of the way of the other.

Article 20.

When a steam vessel and a sailing vessel are proceeding in such directions as to involve risk of collision, the steam vessel shall keep out of the way of the sailing vessel.

Article 21.

Where by way of these Rules one of two vessels is to keep out of the way, the other shall keep her course and speed.

NOTE.—When, in consequence of thick weather or other causes, such vessel finds herself so close that collision cannot be avoided by the action of the giving-way vessel alone, she also shall take such action as will best aid to avert collision. (See Articles 27 and 29.)

Article 22.

Every vessel which is directed by these Rules to keep out of the way of another vessel shall, if the circumstances of the case admit, avoid crossing ahead of the other.

Article 23.

Every steam vessel which is directed by these Rules to keep out of the way of another vessel shall, on approaching her, if necessary, slacken her speed or stop or reverse.

Article 24.

Notwithstanding anything contained in these Rules, every vessel, overtaking any other, shall keep out of the way of the overtaken vessel.

Every vessel coming up with another vessel from any direction more than 2 points abaft her beam, i.e. in such a position, with reference to the vessel which she is overtaking, that at night she would be unable to see either of that vessel's side-lights, shall be deemed to be an overtaking vessel; and no subsequent alteration of the bearing between the two vessels shall make the overtaking vessel a crossing vessel within the meaning of these Rules, or relieve her of the duty of keeping clear of the overtaken vessel until she is finally past and clear.

Aangesien 'n skip wat 'n ander inhaal, nie altyd gedurende die dag met sekerheid kan weet of hy voor of agter hierdie koers van die ander skip is nie, moet hy, as daar twyfel bestaan, aanneem dat hy daardie skip inhaal en gevolglik uit die weg bly.

Artikel 25.

Wanneer dit veilig en moontlik is, moet elke stoomskip in nou kanale aan daardie kant van die vaarwater of middelste gedeelte van die kanaal hou wat aan die stuurboordkant van daardie skip lê.

Artikel 26.

Seilskepe wat in beweging is, moet uit die pad bly van seilskepe of bote wat visvang met nette, lyne of sleepnette. Hierdie reël gee nie die reg aan 'n vaartuig of boot wat visvang om 'n vaarwater wat deur vaartuie behalwe vissersvaartuie of -bote gebruik word te versper nie.

Artikel 27.

By die nakoming en verklaring van hierdie reëls moet daar behoorlik ag geslaan word op alle gevare van skeepvaart en botsing, en op alle besondere omstandighede wat 'n afwyking van die bogenoemde reëls noodsaaklik maak ten einde onmiddellike gevaar te verhoed.

GELUIDSEINE VIR SKEPE IN GESIG VAN MEKAAR.

Artikel 28.

Die uitdrukking „ kort stoot " wat in hierdie Artikel gebesig word, beteken 'n stoot van ongeveer een sekonde.

Wanneer skepe in gesig van mekaar is, moet 'n stoomskip wat in beweging is, en wat in 'n rigting stuur wat kragtens hierdie reëls gemagtig is of vereis word, daardie koers aandui deur die volgende seine op sy fluit of mishoring, nl.:—

Een kort stoot beteken: „ Ek rig my koers na stuurboord."

Twee kort stote beteken: „ Ek rig my koers na bakboord."

Drie kort stote beteken: „ My masjiene beweeg in volle krag agteruit."

GEEN SKIP MOET ONDER ENIGE OMSTANDIGHEDE VERSUIM OM BEHOORLIKE VOORSORGMAATREËLS TE NEEM NIE.

Artikel 29.

Geen bepalings van hierdie reëls onthef 'n skip, of die eienaar, kaptein of bemanning daarvan van die gevolge van versuim om ligte of seine te vertoon nie, of van versuim om behoorlik uit te kyk nie, of van versuim om voorsorgmaatreëls te tref wat vereis word deur die gewone handelwyse van seeliede, of deur die besondere omstandighede van die geval nie.

VOORBEHOUD AANGAANDE REËLS VIR HAWENS EN BINNELANDSE VAART.

Artikel 30.

Geen bepalings van hierdie reëls belemmer die toepassing van 'n besondere reël nie wat behoorlik deur 'n plaaslike bestuur, ten opsigte van die bevaring van 'n hawe, rivier of binnelandse waters gemaak is nie.

NOODSEINE.

Artikel 31.

Wanneer 'n skip in nood verkeer en hulp nodig het van ander skepe of van die kus, moet hy die volgende seine gebruik of vertoon, hetsy gesamentlik of afsonderlik, nl.:—

Gedurende die dag—

(1) 'n kanonskoot of ander knalsinjaal, afgeskiet by tussenpose van omtrent een minuut;
(2) die internasionale kode-noodsein aangeduie deur N.C.;
(3) die afstandsein, bestaande uit 'n vierkantige vlag met 'n bol of iets wat soos 'n bol lyk, bokant of onderkant die vlag;
(4) 'n aanhoudende geluid met een of ander missein.

Gedurende die nag—

(1) 'n kanonskoot of ander knalsinjaal, afgeskiet by tussenpose van omtrent een minuut.
(2) vlamme aan boord (byvoorbeeld van 'n brandende teer- of olievat, ens.);
(3) vuurpyle of bomme wat sterre van een of ander kleur of beskrywing uitskiet, en wat by kort tussenpose een op 'n slag afgevuur word;
(4) 'n aanhoudende geluid met een of ander missein.

✱ No. 1138.] [17 Augustus 1934.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om kragtens die magte en bevoegdhede aan hom verleen by artikel *vier* van Wet No. 22 van 1916, die volgende wysiging van regulasie No. 30 van die Regulasies vir die Verpakking, Hantering en Vervoer van Ontplofbare Stowwe en ander Gevaarlike Goedere, 1930, goed te keur.

Bladsy 27.—Voeg die volgende in as paragraaf „ D " onder die hoof van Blousuurpreparate, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 800, gedateer 15 Mei 1931:—

D. *Vloeibare Blousuur.*—In deur die Administrasie goedgekeurde sagte staalhouers van 'n inhoudsvermoë van 1 kilo of 3 kilo's gevul tot hoogstens 80 persent van hulle inhoudsvermoë, waarvan 11 houers van een kilo of 6 houers van 3 kilo's verpak is in 'n plaatysterdrom met gegolfde sye en voorsien van 'n skroefdeksel en twee handvatsels. Die drom moet van goedgekeurde, geskikte grootte wees en genoeg

As by day the overtaking vessel cannot always know with certainty whether she is forward or abaft this direction from the other vessel, she should, if in doubt, assume that she is an overtaking vessel and keep out of the way.

Article 25.

In narrow channels every steam vessel shall, when it is safe and practicable, keep to that side of the fair-way or mid-channel which lies on the starboard side of such vessel.

Article 26.

Sailing vessels under way shall keep out of the way of sailing vessels or boats fishing with nets, or lines, or trawls. This Rule shall not give to any vessel or boat engaged in fishing the right of obstructing a fair-way used by vessels other than fishing-vessels or boats.

Article 27.

In obeying and construing these Rules, due regard shall be had to all dangers of navigation and collision, and to any special circumstances which may render a departure from the above Rules necessary in order to avoid immediate danger.

SOUND-SIGNALS FOR VESSELS IN SIGHT OF ONE ANOTHER.

Article 28.

The words " short blast " used in this Article shall mean a blast of about one second's duration.

When vessels are in sight of one another, a steam vessel under way, in taking any course authorized or required by these Rules, shall indicate that course by the following signals on her whistle or siren, viz.:—

One short blast to mean, " I am directing my course to starboard ".

Two short blasts to mean, " I am directing my course to port ".

Three short blasts to mean, " My engines are going full speed astern ".

NO VESSEL UNDER ANY CIRCUMSTANCES TO NEGLECT PROPER PRECAUTIONS.

Article 29.

Nothing in these Rules shall exonerate any vessel or the owner, or master, or crew thereof, from the consequences of any neglect to carry lights or signals, or of any neglect to keep a proper lookout, or of the neglect of any precaution which may be required by the ordinary practice of seamen, or by the special circumstances of the case.

RESERVATION OF RULES FOR HARBOURS AND INLAND NAVIGATION.

Article 30.

Nothing in these Rules shall interfere with the operation of a special rule, duly made by local authority, relative to the navigation of any harbour, river, or inland waters.

DISTRESS SIGNALS.

Article 31.

When a vessel is in distress and requires assistance from other vessels or from the shore, the following shall be the signals to be used or displayed by her, either together or separately, viz.:—

In the daytime—

(1) a gun or other explosive signal fired at intervals of about a minute;
(2) the International Code signal of distress indicated by NC;
(3) the distant signal, consisting of a square flag, having either above or below it a ball or anything resembling a ball;
(4) a continuous sounding with any fog-signal apparatus.

At night—

(1) a gun or other explosive signal fired at intervals of about a minute;
(2) flames on the vessel (as from a burning tar-barrel, oil-barrel, etc.);
(3) Rockets or shells throwing stars of any colour or description, fired one at a time, at short intervals;
(4) a continuous sounding with any fog-signal apparatus.

✱ No. 1138.] [11th August, 1934.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under and by virtue of the powers and authorities in him vested by section *four* of Act No. 22 of 1916, to approve the following amendment to regulation No. 30 of the Regulations for the Packing, Handling and Transport of Explosives and other Dangerous Goods, 1930.

Page 26.—Insert the following as paragraph " D " under the heading of Cyanide preparations, as amended per Government Notice No. 800, dated 15th May, 1931:—

D. *Liquid Hydrocyanic Acid.*—In mild steel containers of 1 kilo or 3 kilo capacity approved of by the Administration, filled to not more than 80 per cent. of their capacity packed 11 one kilo or 6 three kilo containers in a sheet iron drum with corrugated sides and fitted with a screw lid and two handles. The drum to be of approved suitable size and to

gekorrelde kurk en kalk bevat om die vloeistof te absorbeer ingeval daar 'n lekkasie ontstaan, en om te verhoed dat die houers rondskuiwe.

In deur die Administrasie goedgekeurde staalsilinders bevattende vloeibare blousuur van 'n netto gewig van hoogstens 75 lb. Die silinders moet 'n drukking van minstens 1,250 lb. per vierkantduim kan weerstaan, elke twee jaar vir daardie drukking getoets en die datum waarop die laaste toets gemaak is op die silinder gegraveer word. Die kleppe van die silinders moet volkome beskerm wees deur middel van metaalskroefkoppe met metaalkappe daaroor.

Elke drom moet rooi geverf wees met 'n geel band van 3 duim wyd om die middel van die sye van die drom of silinder, en die volgende woorde moet ook duidelik in wit verf daarop geverf staan:—

„ LIQUID HYDROCYANIC ACID.
POISON—HIGHLY DANGEROUS.

Not to be touched by unauthorised persons.
Store in open in cool shade.

TO BE CONVEYED IN COVERED VENTILATED TRUCKS WITHOUT TARPAULINS"

„ VLOEIBARE BLOUSUUR.
GIF—UITERS GEVAARLIK.

Moet nie deur ongeoorloofde persone aangeraak word nie.
Pak dit in die ope lug in die koelte.

MOET IN BEDEKTE VENTILEERTROKKE SONDER BOKSEILE VERVOER WORD"

Bo-op elke drom moet die volgende woorde ook geverf staan:—

„ Keep upright"
„ Hou regop"

en die volgende woorde moet ook op die sy van elke silinder geverf staan:—

„ To be conveyed lying down"
„ Moet platlê gedurende vervoer"

Dromme of silinders waarin vloeibare blousuur vervat is, moet slegs in bedekte ventileertrokke sonder bokseile vervoer word, en hulle moet onder geen omstandighede per passasiers- of gemengde trein of in die kondukteurswaens van goederetreine vervoer word nie. Sulke dromme of silinders moet nie in trokke vervoer of in loodse opgeslaan word waarin daar eetware van enige soort is nie, en hulle moet in die ope lug in die koelte gepak word.

Elke houer of staalsilinder van 1 kilo of 3 kilo's, hetsy dit vol is, of leeg nadat dit vloeibare blousuur bevat het, moet getoets word om uit te vind of dit lek voordat dit vir vervoer oorhandig word, en daar moet hoegenaamd geen lekplek wees nie. Hierdie toets moet gemaak word deur 'n stuk Guignard-natriumprikaat- of ander behoorlik behandelde papier oor die sluiting van die houer of staalsilinder sonder die beskermingskop te trek, ten einde uit te vind of daar blousuur uit die houer of silinder ontsnap.

Leë dromme of silinders wat vloeibare blousuur bevat het, is onderworpe aan die voorafgaande regulasies ten opsigte van die vervoer en opslag daarvan.

✱ No. 1154.] [17 Augustus 1934.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

PERSONEELREGULASIES VIR WERKSMANNE.

LYS VAN WYSIGINGE.

Regulasie No. **73.**

Skrap klousule (6) en voeg onderstaande in plaas daarvan in:—

„ (6) Onderworpe aan die bepalinge van regulasie no. 60 (1) ontvang 'n geslaagde stoker of geslaagde drywersassistent wat as drywer waarneem of aangestel word minstens die loon vir die eerste jaar van 'n drywer klas III.

'n Geslaagde stoker of geslaagde drywersassistent, wat die werk van 'n drywer vir 'n ononderbroke tydperk van twaalf maande of langer doen (wat nie deur gemagtigde verlof van afwesigheid, afwesigheid weens siekte, of besering op diens onderbreek beskou word nie) kan in die graad van drywer klas III. aangestel word volgens die loonskaal vir die tweede jaar van dié graad."

contain sufficient granulated cork and lime to absorb the liquid in case of leakage and to prevent any movement of the containers.

In steel cylinders approved of by the Administration and containing not more than 75 lb. net of liquid hydrocyanic acid. The cylinders must be capable of withstanding a pressure of not less than 1,250 lb. per square inch and must be tested therefore every two years, the date of the last test to be inscribed on the cylinder. The valves of the cylinders must be protected completely by screwed metal caps and covering metal hoods.

Each drum or cylinder must be painted red with a yellow band 3 inches wide round the centre of the sides of the drum or cylinder, and also have the following words painted thereon clearly in white paint:—

" LIQUID HYDROCYANIC ACID.
POISON—HIGHLY DANGEROUS.

Not to be touched by unauthorised persons.
Store in open in cool shade.

TO BE CONVEYED IN COVERED VENTILATED TRUCKS WITHOUT TARPAULINS"

" VLOEIBARE BLOUSUUR.
GIF—UITERS GEVAARLIK.

Moet nie deur ongeoorloofde persone aangeraak word nie.
Pak dit in die ope lug in die koelte.

MOET IN BEDEKTE VENTILEERTROKKE SONDER BOKSEILE VERVOER WORD"

On the top of each drum must also be painted the words:—

" Keep upright"
" Hou regop"

and each cylinder must also have painted on its side the words:—

" To be conveyed lying down"
" Moet platlê gedurende vervoer"

Drums or cylinders containing liquid hydrocyanic acid must only be conveyed in covered ventilated trucks without tarpaulins, and under no circumstances must they be conveyed by passenger or mixed trains or in the vans of goods trains. Such drums or cylinders must not be conveyed in trucks or stored in sheds containing foodstuffs of any description, and must be stored in the open in cool shade.

Each 1 kilo or 3 kilo container or steel cylinder, whether full or when empty after having contained liquid hydrocyanic acid, must be tested for leakage before tendered for transport and must show absolutely no leakage: This test must consist in passing over the closure of the container or steel cylinder, without protection cap attached, a piece of Guignard's sodium picrate paper, or other suitably treated paper, to detect any escape of hydrocyanic acid from the container or cylinder.

Empty drums or cylinders which have contained liquid hydrocyanic acid are subject to the foregoing regulations in regard to the conveyance and storage.

✱ No. 1154.] [17th August, 1934.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

EMPLOYEES' STAFF REGULATIONS.

SCHEDULE OF AMENDMENTS.

Regulation No. **73.**

Cancel Clause (6) and insert the following in place thereof:—

" (6) Subject to the provisions of Regulation No. 60 (1), a passed fireman or passed driver's assistant who acts or is appointed as driver shall be paid not less than the first year's rate for a third class driver.

A passed fireman or passed driver's assistant utilized on driving work for a continuous period (which shall not be regarded as being interrupted by authorized leave of absence, absence due to sickness, or injury on duty) of twelve months or over may be appointed to the grade of third class driver at the second year's rate of pay for that grade."

Regulasie No. **92.**

Skrap klousule (6) en voeg onderstaande in plaas daarvan in:—

„(6) Behalwe soos bepaal in regulasie no. 73 (6) kan 'n geslaagde stoker of geslaagde drywersassistent nie tot die graad van drywer bevorder word nie voordat hy minstens twaalf maande as geslaagde stoker of geslaagde drywersassistent, na die geval mag wees, werksaam was, en daar 'n vakature in die graad van drywer is."

(In werking vanaf 23 April 1934.)

Regulation No. **92.**

Cancel clause (6) and insert the following in place thereof:—

"(6) Except as is provided in Regulation No. 73 (6), a passed fireman or passed driver's assistant may not be promoted to the grade of driver until he has served at least twelve months as a passed fireman or passed driver's assistant, as the case may be, and there is a vacancy in the grade of driver."

(Operative from 23rd April, 1934.)

✱ No. 1177.] [17 Augustus 1934.

UITVOER VAN GRAAN, ENS.

Onderstaande opgawe in verband met graan, ens., gegradeer op en uitgevoer deur die verskillende hawens gedurende die maand Julie 1934, word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1177.] [17th August, 1934.

EXPORT OF GRAIN, ETC.

The following return in respect of grain, etc., graded at and exported through the Union ports during the month of July, 1934, is published for general information:—

Handelsartikel. *Commodity.*	Hawe. *Port.*	Sakke Verskeep. *Bags Shipped.* 1/7/34–31/7/34.	Sakke op Hande. *Bags on Hand.* 31/7/34.	Totaal Sakke Verskeep. *Total Bags Shipped.* 1/7/34—31/7/34.
Mielies—*Maize*	Durban	8,703	44,070	8,703
Mieliemeel—*Maize Meal*	Durban	4,517	12,324	4,517
Hominy Chop	Durban	29,856	35,884	29,856
Mielievoer (*Maize Feed*)	Kaapstad—*Capetown*	640	—	640
	Durban	—	843	—
	TOTAAL—TOTAL	640	843	640
Mieliegruis (*Maize Grits*)	Durban	2,279	1,714	2,279
Lusernmeel (*Lucerne Meal*)	Durban	8	—	8
Sonneblomsaad (*Sunflower Seed*)	Durban	1,056	200	1,056
Grondboontjies (*Peanuts*)	Durban	400	50	400
	Kaapstad—*Capetown*	297	—	297
	TOTAAL—TOTAL	697	50	697
Pollard	Durban	6	—	6
Bran (*Semels*)	Durban	12	—	12

Kantoor van die Hoofbestuurder,
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens,
Johannesburg, 9 Augustus 1934.

General Manager's Office,
South African Railways and Harbours,
Johannesburg, 9th August, 1934.

OPSOMMING VAN GRADE VAN MIELIES UITGEVOER GEDURENDE JULIE 1934.

SUMMARY OF GRADES OF MAIZE EXPORTED DURING JULY, 1934.

Graad. *Grade.*	Durban.	Kaapstad. *Capetown.*	Lourenco Marques.	Totaal. *Total.*
	Sakke—*Bags.*	Sakke—*Bags.*	Sakke—*Bags.*	Sakke—*Bags.*
Plat Wit (*Flat White*) No. 2	5,284	—	—	5,284
Rond Geel (*Round Yellow*) No. 3	3,419	—	—	3,419
TOTAAL—TOTAL	8,703	—	—	8,703

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

W. HECKROODT,
Waarn. Sekretaris.

Kantoor van die Minister van Spoorweë en Hawens,
Pretoria.

The following Government Notices are published for general information.

W. HECKROODT,
Acting Secretary.

Office of the Minister of Railways and Harbours,
Pretoria.

✱ No. 1178.] [17 Augustus 1934.

Dit word bekendgemaak dat as gevolg van die dood van die heer Roelof van der Merwe, lid van die plaaslike raad vir Transportgebied No. 12, met hoofkantoor te Pretoria, die Minister van Spoorweë en Hawens, kragtens artikel *vier* van Wet No. 39 van 1930, soos gewysig by Motortransportwysigingswet No. 31 van 1932, nominasies gevra het vir die aanstelling van 'n plaasvervanger vir die onverstreke gedeelte van die periode waarvoor die heer van der Merwe aangestel was, n.l., vanaf 1 Augustus tot 30 November 1934, en besluit het om die heer Pieter Terreblanche van der Walt, Monotiep-operateur, 1229 Derdelaan, Villieria, Pretoria, aan te stel.

✱ No. 1178.] [17th August, 1934.

It is hereby notified that, in consequence of the death of Roelof van der Merwe, Esq., a member of the local board for Transportation Area No. 12, with headquarters at Pretoria, the Minister of Railways and Harbours has, in terms of section *four* of Act No. 39 of 1930, as amended by the Motor Carrier Transportation Amendment Act, No. 31 of 1932, called for nominations for the appointment of a successor for the unexpired portion of the period for which Mr. van der Merwe was appointed, viz., from the 1st August to the 30th November, 1934, and has decided to appoint Pieter Terreblanche van der Walt, Esq., Monotype Operator, 1229 Third Avenue, Villieria, Pretoria.

✱ No. 1180.] [17 Augustus 1934.

Hiermee word bekendgemaak dat dit die Minister van Spoorweë en Hawens behaag het om, kragtens die bepalings van artikel *ses* van die Wet op Reëling van Uitvoer van Bederflike Produkte, No. 53 van 1926, die volgende here weer as komiteelede van die Raad van Toesig op Uitvoer van Bederflike Produkte aan te stel, vir 'n tydperk van een jaar vanaf 1 Augustus 1934:—

Vir Port Elizabeth—
Mnr. C. F. Kayser.
Mnr. W. R. Fryer.

Vir Oos-Londen—
Mnr. J. Carrington.
Mnr. W. J. Ellender.

Vir Durban—
Mnr. H. D. Clinch.
Mnr. T. Eriksen.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

P. R. VILJOEN,
Sekretaris van Landbou.

Departement van Landbou, Pretoria.

✱ No. 1137.] [17 Augustus 1934.

BRANDMERK VAN BEESTE.

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sestien*, paragraaf (*e*) van die „ Veeziekten Wet " (Wet No. 14 van 1911) soos gewysig by artikel *een* van Wet No. 18 van 1925, het die Minister van Landbou die volgende opdrag gegee in verband met die brandmerk van beeste in ondergenoemde gebied.

Versuim om hierdie order na te kom, stel die eienaar bloot aan die strafbepalings van artikel *een-en-twintig* van die „ Veeziekten Wet ".

Elke eienaar van beeste, wat beeste in ondergenoemde gebied aanhou, moet al sy beeste in genoemde gebied binne sestig dae na die publikasie van hierdie order op sodanige tyd of tye binne genoemde tydperk van sestig dae, soos deur die Goewermentsveearts van die distrik vasgestel word, op 'n duidelike manier brandmerk met die brandmerk wat hieronder gespesifiseer word:—

Gebied.	*Brandmerk.*
Die plase Witkloof No. 546, Mooiplaas No. 255, Verdruk No. 444 en Kranskop No. 386, distrik Ngotshe, Natal.	R en Kroon

✱ No. 1149.] [17 Augustus 1934.

Vir algemene informasie word bekendgemaak dat Goewermentskennisgewing No. 1840 van 20 November 1931, hierby herroep word.

✱ No. 1156.] [17 Augustus, 1934.

Dit word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *drie-en-twintig* van die „ Veeziekten Wet, 1911 " onderstaande regulasie te maak:—

Ingeval—

(*a*) die Goewerneur-generaal enige proklamasie uitgevaardig het, kragtens artikel *vier* van die Wet, waarby die invoer van vee uit enige gebied wat aan die Unie grens verbied word, of

(*b*) die Minister enige bevel uitgevaardig het, kragtens artikel *sestien* van die Wet, waarby die verwydering van vee van enige plek, streek of gebied binne die Unie verbied word,

kan die Minister 'n kordon langs die landgrens of -grense van die Unie, of langs die grens van die plek, streek of gebied, soos in (*a*) en (*b*) hierbo omskryf, daarstel of laat daarstel ten einde genoemde verbod op invoer of verwydering doeltreffend te kan maak, en kan vir daardie doel om die grens te bewaak, enige grond betree, of enige beampte of ander persone, vergesel van enige dier, vervoermiddel, werktuig, toestel, geneeskruid of enige ander ding wat ook mag nodig of dienstig wees vir die behoorlike uitoefening en vervulling van die bevoegdhede en pligte kragtens die Wet en regulasies, magtig om sodanige grond te betree en te beset, en gebruik te maak van sodanige water, weiding en brandhout wat vir sulke beamptes of ander persone nodig mag wees.

✱ No. 1157.] [17 Augustus 1934.

en ses pennies per week vir kos en losies of vier sjielings alleen vir kos of twee sjielings en ses pennies alleen vir losies te betaal nie.

(7) Aan 'n minderjarige, gedurende die periode wat hy volgens artikel *vier* (2) van die „ Vakleerlingen Wet, 1922 " in diens mag wees sonder 'n vakleerlingskontrak in 'n vak aangewys in genoemde Wet, moet 'n loon van minstens 13s. 3d. per week, betaal word.

5. Uitbetaling van Lone.

(1) Tyd-, stuk- en oortydlone moet weekliks op Vrydag, binne 15 minute nadat die werk gewoonlik eindig, of by diensbeëindiging, ingeval dit vóór die gebruiklike betaaldag val, in kontant betaal word.

(2) Vir die opleiding van 'n arbeider mag deur 'n werkgewer geen premie bereken of aangeneem word nie.

(3) Van die bedrae aan 'n arbeider betaalbaar ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms, mag geen ander bedrae van watter aard ook, behalwe die onderstaande, gekort word nie—

(*a*) ingeval 'n arbeider van die werk afwesig is, insluitende afwesigheid gedurende enige verdere verlof toegestaan afgesien van die waarvoor voorsiening gemaak is in artikel 10 van hierdie Ooreenkoms, 'n pro rata bedrag vir die duur van sodanige afwesigheid;
(*b*) met die skriftelike toestemming van die arbeider, kortings vir siekte-, versekerings-, of pensioenfondse of kontribusies aan 'n vakvereniging wat 'n party is by hierdie Ooreenkoms;
(*c*) bydraes aan die Raadskas ingevolge artikel 13 van hierdie Ooreenkoms;
(*d*) enige bedrag wat deur 'n werkgewer, ingevolge 'n verpligting hom opgelê deur enige wet, ordonnansie of regsgeding, ten behoewe van 'n arbeider, betaal is.

(4) Indien in 'n inrigting of plek werk verrig word deur arbeiders wat in spanne of ploeë georganiseer is, dan moet die lone van elke arbeider deur die werkgewer aan hom uitbetaal word.

6. Werkure.

(1) Die gewone werkure mag nie meer wees nie as 48 per week in die geval van arbeiders op dagskof en 43¾ in die geval van arbeiders op nagskof.

(2) Aan 'n arbeider wat stukwerk verrig, moet 'n ruspoos van tien minute toegestaan word so na moontlik aan die middel van elke voor- en namiddagskof, en sodanige ruspoos moet as werktyd beskou en voor betaal word teen die uurlone voorgeskryf vir 'n arbeider wat dieselfde klas of klasse werk as sodanige arbeider verrig.

7. Oortyd en Betaling vir Werk op Sondag.

(1) Tyd gewerk deur arbeiders op dagskof na die beëindiging van die gewone dagskof moet, behoudens die bepalings van subartikel (2) van hierdie artikel, as oortydwerk beskou en voor betaal word as volg:—

(*a*) Tot middernag teen anderhalfmaal die gewone loon;
(*b*) vanaf middernag vir enige tydperk tot aan die gewone begintyd op die volgende dag teen dubbel die gewone loon.

(2) Vir werk verrig op Sondag, Goeie Vrydag, en Kersdag moet teen dubbel die gewone loon betaal word; behalwe wanneer sodanige werk noodsaaklikerwys verrig moet word in verband met dringende reparasies aan die uitrusting van 'n inrigting en die Raad daarvan kennis kry, en in so 'n geval moet anderhalfmaal die gewone loon betaal word; met dien verstande verder dat aan 'n arbeider wat op sulke dringende reparasies werksaam is, nie die vry dag bepaal by artikel 10 (2) in plaas van sodanige vakansiedag, sal toegestaan word nie.

(3) 'n Arbeider op stukwerk mag geen oortydwerk verrig nie.

8. Reis- en Onderhoudstoelae.

(1) Waar plattelandswerk verwyderd van die werkgewer se inrigting verrig word, moet die werkgewer vir tweedeklas retoerkaartjies betaal en die navolgende bedrae vir die heen- en terugreis aan die arbeider betaal—

(*a*) ingeval hy gedurende werkure reis—die gewone loon, maar vir hoogstens een dagskof in die loop van elke 24 agtereenvolgende ure;
(*b*) ingeval die reis na die einde van 'n skof en voor die begin van die volgende skof begin—die helfte van die gewone loon.

Vir die toepassing van hierdie subartikel word Sondag as 'n gewone werkdag beskou.

(2) 'n Arbeider moet vir maaltye en slaapplek op die trein, betaal word. As van 'n arbeider vereis word om weg van sy huis te bly moet vir redelike kos en losies by die werk, nie een maand te bowe gaande nie, betaal word.

9. Buitewerk.

(1) Geen werkgewer mag van enigeen van sy arbeiders eis of aan hom toestaan om enige algemene, werktuigkundige, elektrotegniese of skeepsingenieurswerk, met inbegrip van herstel- of inmekaarsitwerk, elders as in sy inrigting te verrig nie, tensy sodanige werk verrig word ter uitvoering of voltooiing van 'n bestelling wat by die werkgewer geplaas is.

pay per week more than six shillings and sixpence for board and lodging or four shillings for board only or two shillings and sixpence for lodging only.

(7) A wage of not less than 13s. 3d. per week shall be paid to a minor employed in a trade designated under the Apprenticeship Act, 1922, during the period during which he may in terms of Section 4 (2) of the said Act, be employed without a contract of Apprenticeship.

5. Payment of Earnings.

(1) Wages, piece-work rates and overtime shall be paid weekly, in cash, on Fridays, within 15 minutes of the ordinary stopping time, or upon termination of employment if this takes place before the ordinary pay day.

(2) No premium for the training of an employee shall be charged or accepted by an employer.

(3) No deductions of any description other than the following may be made from the amounts payable in terms of this Agreement to any employee:—

(*a*) where an employee is absent from work, including absence during any holiday granted in extension of the holiday provided for in Section 10 of this Agreement, a pro rata amount for the period of such absence;
(*b*) with the written consent of the employee, deductions for sick, insurance, pension funds or contributions to a trade union which is a party to this Agreement;
(*c*) contributions to the funds of the Council in terms of Section 13 of this Agreement;
(*d*) any amount paid by an employer, compelled by any law, ordinance or legal process, to make payment on behalf of an employee.

(4) Where in any establishment or place work is performed by employees organized in sets or teams, each employee shall be paid his earnings by the employer.

6. Hours of Work.

(1) The ordinary hours of work shall not exceed forty-eight in any one week for employees on day shift or 43¾ hours for employees on night shift.

(2) An employee engaged on piece-work shall be allowed a rest period of ten minutes at as near as possible the middle of the morning and afternoon work periods, such rest periods to be reckoned as working time, and paid for at the hourly rate of wages prescribed for an employee performing the same class or classes of work as such employee.

7. Overtime and Payment for Work on Sundays.

(1) Save as is provided in sub-section (2) of this section, time worked by employees employed on day shift after the completion of the usual day shift shall be regarded as overtime and be paid for as follows:—

(*a*) until midnight at the rate of time and a half;
(*b*) from midnight for any period until the usual starting time next day, at the rate of double time.

(2) Work performed on Sundays, Good Friday, and Christmas Day shall be paid for at the rate of double time, except where such work is necessary in connection with urgent repairs to the plant of the establishment and is notified to the Council, when time and a half shall be paid; provided further that where an employee is employed on such urgent shop repairs, the day off in lieu of such holiday, provided for in section 10 (2), shall not be given.

(3) No overtime may be worked by an employee engaged on piece-work.

8. Travelling and Subsistence Allowance.

(1) Where country work is done away from the establishment of the employer, second class return fares shall be paid by the employer and the following shall be paid to the employee during the period of the journey to and fro:—

(*a*) if travelling during working hours—at ordinary rates of wages not exceeding, however, pay for one day's shift in respect of every period of 24 consecutive hours;
(*b*) if the journey commences between the end of one shift and the beginning of the next shift—at half rates of pay.

For the purposes of this sub-section, Sunday shall be considered to be an ordinary working day.

(2) Employees shall be paid for meals and bed on the train. Where an employee is required to live away from home, reasonable board and lodging shall be paid for on the job for a period not exceeding one month.

9. Outwork.

(1) No employer shall require or allow any of his employees to undertake any general, mechanical, electrical or marine engineering work, including repairing or assembling, elsewhere than in his establishment, except when such work is in execution or completion of any order placed with such employer.

(2) Geen arbeider mag, solank as hy by 'n werkgewer in die metaalingenieursnywerheid in diens is, bestelling vir algemene, werktuigkundige, elektrotegniese of skeepsingenieurswerk, met inbegrip van herstel- of inmekaarsitwerk, vir eie rekening vir verkoop, en/of vir wins, en/of ten behoewe van enige ander persoon of firma, aanvra of aanneem of sodanige werk onderneem nie.

10. BETALING GEDURENDE VAKANSIE EN WERKLOOSHEID.

(1) Betalings gedurende vakansie, waarvoor in hierdie artikel voorsiening gemaak is, moet op die volgende basis bereken word:—

(*a*) Waar 'n arbeider vir minder as twee onafgebroke jare by dieselfde werkgewer in diens was; teen die minimum loonskaal;

(*b*) waar 'n arbeider vir enige twee onafgebroke jare of meer by dieselfde werkgewer in diens was, afgesien daarvan of hy sy diens daarna onderbreek het of nie; teen sy kontrakloon.

(2) Goeie Vrydag en Kersdag is vakansiedae waarvoor betaal moet word, met dien verstande dat as 'n werkgewer van 'n arbeider eis om die skofte onmiddellik voor of na sodanige vakansiedae te werk en die arbeider nie by die werk opdaag nie; word die vakansiedag met vol betaling verbeur. Aan 'n arbeider van wie vereis word om op enige van hierdie dae te werk, moet binne een maand 'n ander dag as 'n vakansiedag met vol betaling, toegestaan word.

(3) 'n Arbeider is, ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms en behoudens onderstaande bepalings, geregtig tot 'n vakansie van agtien werksdae teen volle betaling—

(*a*) die kwalifikasies vir sodanige verlof is 300 skofte werklik gewerk, bereken vanaf 20 Junie 1934, met dien verstande dat 'n arbeider wat gebroke verlofperiodes ingevolge die Ooreenkoms, gedateer 10 Junie 1932, onderworpe aan die bepalings van daardie Ooreenkoms en die bepalings van subartikels 6 (*a*), (9) en (10) van hierdie artikel, laat oploop, kredit moet ontvang vir sodanige gebroke periodes in die oploop van die 300 skofte wat volgens hierdie Ooreenkoms gewerk moet word, met dien verstande dat—

(i) die aantal dae waarop 'n arbeider geregtig is ingevolge hierdie Ooreenkoms, waar daar 300 skofte gesamentlik ingevolge die Ooreenkoms gedateer 10 Junie 1932, en hierdie Ooreenkoms, opgeloop het, verkry word deur 12 te vermenigvuldig met die aantal skofte wat ingevolge die vorige Ooreenkoms gewerk is en die resultaat met 300 te deel; terwyl die aantal dae waartoe 'n arbeider ingevolge hierdie Ooreenkoms geregtig is, verkry word deur 18 dae met die aantal skofte wat ingevolge hierdie Ooreenkoms gewerk is, te vermenigvuldig en die resultaat met 300 te deel;

(ii) diens van minder as 30 skofte nie vir verlofdoeleindes in aanmerking geneem word nie;

(iii) enige tydperk van afwesigheid weens siekte of ongeval wat in enige jaar in die geheel nie ses weke te bowe gaan nie, vir verlofdoeleindes in aanmerking geneem word. 'n Werkgewer het die reg om van 'n arbeider 'n mediese sertifikaat te eis om die oorsaak van afwesigheid te staaf;

(iv) 'n arbeider, wat sonder voldoende rede tot bevrediging van die werkgewer, van die werk wegbly vir elke skof wat hy gedurende sodanige afwesigheid verloor, tien skofte wat hy gewerk het vir verlofdoeleindes verbeur, met dien verstande dat die werkgewer binne sewe dae vanaf sodanige afwesigheid die Raad skriftelik daarvan in kennis stel;

(*b*) die vakansie moet drie naweke insluit en moet nie onderbreek word nie;

(*c*) ingeval òf Goeie Vrydag òf Kersdag binne die vakansietydperk val word sodanige tydperk verleng met een dag teen volle betaling;

(*d*) 'n arbeider moet binne een maand vanaf die datum waarop hy tot verlof geregtig word daarom aansoek doen;

(*e*) die verlof moet binne vier maande vanaf die datum waarop dit verskuldig word deur die werkgewer toegestaan word;

(*f*) 'n arbeider moet sy verlof neem en is daartoe geregtig binne 'n periode van vier maande vanaf die datum waarop dit aan hom toekom, tensy vrystelling deur die Raad toegestaan is;

(*g*) geen arbeider mag solank as hy op verlof is enige loontrekkende werk verrig nie.

(4) (*a*) As 'n arbeider op die punt staan om op verlof te gaan moet die gelde aan hom verskuldig vir die doeleindes van sodanige verlof onmiddellik voor hy werk staak deur sy werkgewer aan hom uitbetaal word. Die werkgewer moet tegelykertyd aan die Raad, 'n bewys van vakansiebetaling, opgestel in 'n vorm aanneembaar vir die Raad en deur die arbeider onderteken as 'n bewys vir die bogemelde betaling, stuur.

(*b*) Ingeval 'n arbeider nie binne vier maande nadat verlof aan hom toekom daarom aansoek doen en dit neem nie, verbeur hy die bedrag verskuldig en dit moet dan deur die werkgewer in die fondse van die Raad gestort word.

(2) No employee shall solicit or take orders for or undertake general, mechanical, electrical or marine engineering work, including repairing or assembling, on his own account for sale and/or for gain and/or on behalf of any other person or firm whilst in the service of an employer engaged in the Metal Engineering industry.

10. HOLIDAY AND UNEMPLOYMENT PAY.

(1) Holiday payments provided in this Section shall be computed on the following basis:—

(*a*) Where an employee has worked for less than two years continuously with the same employer—at minimum rates of pay;

(*b*) where an employee has worked any continuous period of two years or more with the same employer, irrespective of whether he subsequently breaks his service or not—at contract rates of pay.

(2) Good Friday and Christmas Day shall be paid holidays, provided that where an employee is required by his employer to work the shifts immediately preceding and/or following such holidays, and fails to present himself for employment, the paid holidays shall be forfeit. If an employee is required to work on either of these days, he shall be granted, within a period of one month, another day as a holiday with full pay.

(3) Each employee shall be entitled under this Agreement to eighteen working days paid holiday, subject to the following conditions—

(*a*) the qualification for such holiday shall be 300 shifts actually worked, calculated from the 20th June, 1934, provided that an employee who accumulates broken periods of leave under the Agreement dated the 10th June, 1932, shall subject to the provisions of that Agreement, and to the provisions of sub-sections 6 (*a*), (9) and (10) of this section, receive credit for such broken periods in accumulating the 300 shifts required to be worked under this Agreement, provided that—

(i) where 300 shifts are accumulated under the Agreement dated the 10th June, 1932, and this Agreement, jointly, the number of days to which an employee shall be entitled under the former Agreement shall be arrived at by multiplying 12 by the number of shifts worked under the Agreement and dividing the result by 300; while the number of days to which an employee shall be entitled under this Agreement shall be arrived at by multiplying 18 days by the number of shifts worked under this Agreement, and dividing the result by 300;

(ii) employment for less than 30 shifts shall not count for leave purposes;

(iii) any periods of absence on account of sickness or accident aggregating not more than six weeks in any one year shall count for holiday purposes. Any employer shall be entitled to call upon an employee for a medical certificate in proof of cause of absence; and

(iv) any employee who absents himself from work without adequate reason satisfactory to his employer shall in respect of each shift lost by him during such absence forfeit ten shifts worked towards his holiday qualification, provided that notification of such absence shall be made by the employer in writing to the Council within seven days of such absence.

(*b*) The holiday shall include four week-ends and be for one unbroken period.

(*c*) Should either Good Friday or Christmas Day fall within the period of the holiday, such period shall be extended by one day with full pay.

(*d*) Application for holiday shall be made by an employee within one month of the date he becomes entitled thereto.

(*e*) The holiday shall be granted by the employer within a period of four months of due date.

(*f*) An employee shall be entitled to and shall take his holiday within a period of four months from due date unless exemption be granted by the Council.

(*g*) No employee shall engage in any employment for gain during the period of his holiday.

(4) (*a*) When an employee is about to take his leave the moneys payable to him for the purposes of such leave shall be paid to him by his employer immediately prior to his ceasing work to go on holiday. The employer shall at the same time forward to the Council a holiday receipt voucher drawn up in a form acceptable to the Council, and containing the employees' signature as a receipt for the above payment.

(*b*) If an employee does not apply for and take his holiday within a period of four months after it becomes due to him, the money shall be forfeit and be paid by the employer to the funds of the Council.

(5) Indien die diens van 'n arbeider by dieselfde werkgewer beëindig is voordat hy tot betaalde verlof ooreenkomstig subartikel 3 (*a*) van hierdie artikel geregtig is, is hy geregtig tot 'n proporsionele aantal dae op die basis uiteengesit in daardie subartikel. Die werkgewer moet die arbeider, wanneer hy uit sy diens tree, voorsien van 'n order, met vermelding van die getal skofte wat vir verlofdoeleindes in aanmerking geneem moet word, en terselfdertyd die geldwaarde van die verlof, waartoe die arbeider aldus geregtig is, aan die Sekretaris van die Raad stuur.

(6) (*a*) Indien die tydperk van werkloosheid tussen twee dienstye meer as ses dae duur, dan is 'n arbeider, op vertoon van sy order of orders aan die Algemene Sekretaris van een van die vakverenigings, wat partye is by hierdie Ooreenkoms, sodra sodanige order of orders deur die Sekretaris van die Raad of deur 'n geoutoriseerde persoon as plaasvervanger geëndosseer is, geregtig gedurende die betrokke tydperk van sy werkloosheid tot betaling van 'n bedrag van hoogstens twee pond per week, wat beskou word as werkloosheidbetaling, tot tyd en wyl die kredit aangedui in die order of orders uitgeput is. Ingeval die arbeider voordat sodanige kredit uitgeput is, werk kry, moet hy in die boeke van die Raad gekrediteer word met die bedrag, wat nog nie uitbetaal is nie en dit is vir hom beskikbaar ooreenkomstig die voorgaande bepalings wanneer hy òf vir sy volgende verlof gekwalifiseer het òf vir meer as ses dae werkloos word.

(*b*) 'n Arbeider, wat betaling ooreenkomstig paragraaf (*a*) van hierdie subartikel eis en ontvang, moet, wanneer hy weer in die nywerheid werk kry, vanaf die datum waarop hy sodanige werk aanvaar, vir verlof begin kwalifiseer, met dien verstande dat as daar enige onopgeëisde saldo is, waartoe hy geregtig is om gekrediteer te word ooreenkomstig hierdie artikel, moet hy gekrediteer word met verlof gelykstaande aan sodanige saldo.

(7) Ingeval 'n arbeider sterf, of in die loop van sy diens onbekwaam raak om sy beroep uit te oefen, is die bedrag, aan hom verskuldig ten opsigte van verlof, betaalbaar aan sy boedel of aan homself na gelang van die omstandighede.

(8) Elkeen van die vakverenigings is, op vertoon van orders wat behoorlik geëndosseer is ooreenkomstig subartikels (4) en (6) van hierdie artikel geregtig tot terugbetaling deur die Raad van die bedrae wat hulle ten opsigte van sodanige orders uitbetaal het.

(9) Enige order vir 'n gebroke dienstermyn wat ingevolge subartikel (5) van hierdie artikel aan 'n arbeider uitgereik is, is geldig vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van die laaste skof wat sodanige arbeider gewerk het. Na afloop van sodanige tydperk verval die bedrae, waarmee 'n arbeider in die boeke van die Raad gekrediteer staan, aan die fondse van die Raad, met dien verstande dat enige bewysstukke nadat 'n arbeider 'n groot totaal van 300 skofte te goed het, onderworpe is aan verbeuring ooreenkomstig subartikel (4) (*b*) van hierdie artikel.

(10) 'n Arbeider wat weens ernstige pligversuim ontslaan word, verbeur alle reg op verlof of betaling vir verlof. Die bedrag waartoe die arbeider andersins geregtig sou wees, moet deur die betrokke werkgewer aan die Raad betaal word en dit verval aan die fondse van die Raad; met dien verstande dat die Raad die bedrag of sodanige deel daarvan as hy nodig mag ag, terugbetaal vir reparasies aan enige uitrusting of gereedskap wat die arbeider beskadig het, en verder met dien verstande dat kennisgewing van ontslag ingevolge hierdie subartikel deur die werkgewer skriftelik aan die Raad, binne 14 dae vanaf ontslag, gegee moet word.

(11) 'n Arbeider wat 'n werkgewer word, na 'n ander nywerheid gaan, na 'n ander gebied nie deur hierdie Ooreenkoms omvat nie, gaan, of vir enige ander rede die nywerheid verlaat, is nie geregtig om gelde op sy kredit onder die verlofartikel, te vorder nie; met dien verstande dat die Raad met enige ander nywerheid wederkerige reëlings kan tref vir die omruiling van verlofbewysstukke ten voordele van die arbeider wat die nywerheid verlaat het.

(12) Die bepalings van hierdie artikel is van toepassing op alle arbeiders, met inbegrip van vakleerlinge, op wie die bepalings van hierdie Ooreenkoms van toepassing is, behalwe arbeiders wat werk soos bepaal in artikel 4 (1) (*d*) hiervan, verrig.

11. Diensbeëindiging.

(1) 'n werkgewer of 'n arbeider moet minstens een volle dag vooraf die diens opsê, met dien verstande dat dit op—

(*a*) die reg van 'n werkgewer of 'n arbeider om die diens sonder opsegging te beëindig weens enige gegronde rede wat deur die Wet as voldoende erken word;

(*b*) enige ooreenkoms tussen 'n werkgewer en 'n arbeider waarby vir 'n langer diensopseggingstermyn as een volle werkdag voorsiening gemaak word;

geen inbreuk maak nie, en voorts met dien verstande dat 'n werkgewer aan 'n arbeider 'n dagloon kan betaal pleks van die diens volgens hierdie bepaling op te sê.

(2) Vir die toepassing van hierdie artikel word Saterdag nie as 'n volle werkdag beskou nie. Wanneer die werkweek op Saterdag ophou moet diensopsegging voor middag op Vrydag gegee word.

(5) When the employment of an employee with the same employer terminates before he becomes entitled to a paid holiday in terms of sub-section (3) (*a*) of this section, he shall be entitled to a proportionate number of days on the basis set out in that sub-section. The employer shall furnish the employee at the time he leaves his service with a voucher setting out the number of shifts which count for holiday purposes, and at the same time forward to the Secretary to the Council the money equivalent of the holiday to which the employee is so entitled.

(6) (*a*) Where the period of unemployment between one engagement and another is more than six days, an employee on presenting his voucher or vouchers to the General Secretary of one of the trade union' parties to this Agreement, during the relative period of his unemployment, shall be entitled, when such voucher or vouchers have been endorsed by the Secretary to the Council or some person authorized to act in his place, to the payment of an amount not exceeding two pounds a week, to be regarded as unemployment pay, until such time as the credit indicated in the voucher or vouchers is exhausted. Should the employee obtain employment before such credit has been exhausted, the unpaid amount shall be credited to him in the books of the Council and shall be available to him in accordance with the aforegoing provisions either when next he qualifies for leave or becomes unemployed for a longer period than six days.

(*b*) Any employee claiming and receiving payment in terms of paragraph (*a*) of this sub-section, shall, on obtaining further employment in the industry, commence to qualify for leave as from the date of such employment, provided that if there is any unclaimed balance to which he is entitled to be credited in terms of this section, the leave equivalent of such balance shall be credited to him.

(7) When an employee dies, or is, in the course of his work, incapacitated from continuing at his trade, the amount which has accrued in respect of holiday shall be payable to his estate or to himself, as the case may be.

(8) On the production of vouchers duly endorsed in terms of sub-sections (4) and (6) of this section, each of the trade unions shall be entitled to be reimbursed by the Council, the amounts paid out by them in respect of such vouchers.

(9) Any voucher issued to an employee for a broken period of employment in terms of sub-section (5) of this section shall be valid for a period of two years from the date of the last shift worked by such employee. Amounts standing to the credit of an employee in the books of the Council shall on expiration of such period accrue to the funds of the Council, provided that any vouchers for broken periods of employment when an employee has accumulated an aggregate of 300 shifts shall be subject to forfeit in terms of sub-section (4) (*b*) of this section.

(10) An employee dismissed owing to flagrant breach of duty shall forfeit any claim to holiday or payment for holiday. The amounts to which the employee would otherwise have been entitled shall be paid by the employer concerned to the Council, and shall accrue to the funds of the Council, provided that the Council may refund to the employer the amount or such portion thereof as it may consider necessary to effect repairs to any of the plant or tools which may have been damaged by the employee, and further provided that notification of dismissal under this sub-section shall be made by the employer in writing to the Council within 14 days of dismissal.

(11) An employee who leaves the industry to become an employer, to go to another industry, to proceed to an area not covered by this Agreement or for any other reason whatsoever, shall not be entitled to claim moneys standing to his credit under the holiday leave clause; provided that the Council may make reciprocal arrangements with any other industry for the interchange of leave vouchers to the benefit of the employee leaving the industry.

(12) The provisions of this section shall apply to all employees, including apprentices, to whom the terms of this Agreement apply, save employees performing work scheduled in clause 4 (1) (*d*) hereof.

11. Termination of Employment.

(1) Not less than one clear working day's notice shall be given by the employer or employee to terminate a contract of service, provided that this shall not affect—

(*a*) the right of an employer or employee to terminate a contract of service without notice for any good cause recognised by law as sufficient;

(*b*) any agreement between an employer and employee providing for a longer period of notice than one clear working day;

and provided further, that an employer may pay to an employee a day's wage for and in lieu of the prescribed period of notice.

(2) For the purpose of this section, Saturday shall not be considered as a clear working day. Notice to terminate a contract of service at finishing time on Saturday shall be given prior to midday on Friday.

12. VRYSTELLINGS.

(1) Die Raad kan aan enige werkgewer of arbeider van enigeeen van die bepalings van artikels 4, 5, 8 en 10 van hierdie Ooreenkoms vrystelling verleen.

(2) Die Raad moet die voorwaardes vasstel waarop sodanige vrystelling verleen word; met dien verstande dat die Raad, na goeddunke en nadat aan die betrokke persoon een week vooraf skriftelik kennis gegee is, enige vrystellingsertifikaat kan intrek of die termyn waarvoor vrystelling verleen was verstryk het aldan nie.

(3) Die Sekretaris van die Raad moet aan elke persoon aan wie vrystelling verleen word, 'n deur hom ondertekende sertifikaat uitreik waarin vermeld word—

(*a*) die volle naam van die betrokke persoon;
(*b*) die bepalings van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen word;
(*c*) die voorwaardes waarop sodanige vrystelling verleen word;
(*d*) die tydperk waarvoor die vrystelling geldig is.

(4) Die Sekretaris van die Raad moet—

(*a*) alle sertifikate wat uitgereik word in volgorde nommer;
(*b*) van elke uitgereikte sertifikaat een afskrif hou en al na gelang een afskrif aan die Afdelingsinspekteur van Arbeid, Posbus 4560, Johannesburg, of aan die Afdelingsinspekteur van Arbeid, Posbus 393, Pretoria, stuur;
(*c*) ingeval aan 'n arbeider vrystelling verleen word, 'n afskrif van die sertifikaat aan die betrokke werkgewer stuur.

13. UITGAWES VAN DIE RAAD.

Ten einde die uitgawes van die Raad te kan dek, moet elke werkgewer weekliks van die lone van elkeen van sy arbeiders (behalwe vakleerlinge en leerlingwerksmanne), vir wie lone in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is, 1½d. aftrek. Die werkgewer moet by die bedrag aldus gekort 'n gelyke bedrag voeg en die totale bedrag, tesame met 'n opgaaf van die name van arbeiders ten opsigte van wie kortings ingestuur word, maandeliks voor of op die vyftiende dag van elke maand, aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 4581, Johannesburg, stuur.

14. TOEPASSING VAN FABRIEKSWET, 1918.

(1) Niks in hierdie Ooreenkoms het die uitwerking om enige vermeerdering in die maksimum aantal werkure of oortydwerkure, toegelaat ingevolge die bepalings van die Fabriekswet, 1918, wettig te maak, of om die tewerkstelling van 'n persoon op ure waarop die tewerkstelling van sodanige persoon ingevolge daardie Wet verbode is, toe te laat nie.

(2) Geen persoon mag in enige inrigting wat nie 'n fabriek is, te werk gestel word op ure of op 'n dag waarop dit ingevolge die bepalings van die Fabriekswet, 1918, onwettig sou wees om sodanige persoon te werk te stel indien die inrigting 'n fabriek was.

(3) Arbeiders aan wie ingevolge artikel *sewe-en-twintig* van die Fabriekswet, 1918, van die beperkings ingevolge daardie Wet ten opsigte van werkplek of werkure of vakansie vrystelling verleen is, word nie deur die bepalings van hierdie Ooreenkoms betreffende sodanige geraak nie.

15. INDIENSNEMING VAN WERKSMANNE, LEERLINGWERKSMANNE EN LEERLINGE.

(1) (*a*) Alle werksmanne wat in die nywerheid in diens is, moet by die Raad geregistreer word.

(*b*) Vir die toepassing van paragraaf (*a*) van hierdie subartikel moet elke werkgewer, wat werksmanne in sy diens het, maandeliks voor of op die vyftiende dag van elke maand, aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 4581, Johannesburg, onderstaande besonderhede stuur aangaande die werksmanne wat in die loop van die vorige maand deur hom in diens geneem en ontslaan is:—

(i) Naam van werksman;
(ii) klas werk en loon;
(iii) datum van indiensneming of ontslag.

(2) (*a*) Geen werkgewer mag sonder voorafgaande toestemming van die Raad en 'n sertifikaat van die Raad waarin die naam en die ouderdom van die arbeider, die minimum loon aan hom betaalbaar en die tydperk waarvoor die toestemming geldig is, vermeld word, 'n leerling of 'n leerlingwerksman in diens neem nie. 'n Afskrif van die sertifikaat moet aan die arbeider verstrek word.

(*b*) Enige toestemming verleen ingevolge paragraaf (*a*) van hierdie subartikel kan deur die Raad herroep word nadat deur die werkgewer een week vooraf skriftelik kennis gegee is. Die werkgewer moet die sertifikaat in so'n geval aan die Raad terugstuur om vernietig te word.

16. TENTOONSTELLING VAN OOREENKOMS.

Elke werkgewer moet in of by die plek waar sy arbeiders werk 'n leesbare eksemplaar van hierdie Ooreenkoms tentoonstel en tentoongestel hou.

17. REGISTRASIE VAN WERKGEWERS EN ARBEIDERS.

(1) Elke werkgewer wat nie die bepalings van artikel 17 van die Ooreenkoms wat gepubliseer was by Goewermentskennisgewing No. 756 van 10 Junie 1932, nagekom het nie, moet, binne een maand vanaf die datum waarop hierdie

12. EXEMPTIONS.

(1) The Council may grant exemption from any of the provisions of sections 4, 5, 8 and 10 of this Agreement to any employer or employee.

(2) The Council shall fix the conditions subject to which such exemption shall operate, provided that the Council may if it deems fit, after one week's notice has been given in writing to the person concerned, withdraw any exemption certificate whether or not the period for which such exemption was granted has expired.

(3) The Secretary to the Council shall issue to every person granted exemption, a certificate, signed by him, setting out—

(*a*) the full name of the person concerned;
(*b*) the provisions of the Agreement from which exemption is granted;
(*c*) the conditions subject to which such exemption is granted;
(*d*) the period during which the exemption shall operate.

(4) The Secretary to the Council shall—

(*a*) number consecutively all certificates issued;
(*b*) retain a copy of each certificate issued, and forward a a copy to the Divisional Inspector of Labour, P.O. Box 4560, Johannesburg, or to the Divisional Inspector of Labour, P.O. Box 393, Pretoria, as the case may be;
(*c*) where exemption is granted to an employee, forward a copy of the certificate to the employer concerned.

13. EXPENSES OF THE COUNCIL.

For the purpose of meeting the expenses of the Council each employer shall deduct 1½d. per week from the earnings of each of his employees (other than apprentices and learner operatives) for whom wages are prescribed in this agreement. To the amounts so deducted the employer shall add a like amount and forward month by month and not later than the fifteenth day of each month, the total sum, together with a statement giving the names of the employees in respect of whom deductions are remitted, to the Secretary to the Council, P.O. Box 4581, Johannesburg.

14. APPLICATION OF FACTORIES ACT, 1918.

(1) Nothing in this Agreement shall operate to make lawful any increase in the maximum number of working or overtime hours allowed under the Factories Act, 1918, or to allow the employment of any persons during any hours in which the employment of persons is prohibited under that Act.

(2) No person may be employed in any establishment which is not a factory during any hours or day when it would under the provisions of the Factories Act, 1918, be unlawful to employ such person if the establishment were a factory.

(3) Employees to whom exemption from the restrictions under the Factories Act, 1918, in respect of place or hours of work or holidays has been granted in terms of section *twenty-seven* of that Act, shall not be affected by the provisions of this Agreement relating to such matters.

15. EMPLOYMENT OF OPERATIVES, LEARNER-OPERATIVES AND LEARNERS.

(1) (*a*) All operatives employed in the industry shall be registered with the Council.

(*b*) For the purposes of paragraph (*a*) of this sub-section each employer who has operatives in his employ shall forward to the Secretary to the Council, P.O. Box 4581, Johannesburg. month by month and not later than the fifteenth day of each month, a statement giving the following particulars of the operatives engaged and discharged by him during the preceding month:—

(i) Name of operative;
(ii) class of work and wage;
(iii) date of engagement or discharge.

(2) (*a*) No employer shall employ a learner-operative or a learner without obtaining the prior approval of the Council and a certificate from the Council setting out the name, age, the minimum wage payable to the employee and the period during which the permission is effective. A copy of the certificate shall be furnished to the employee.

(*b*) Any permission given in accordance with paragraph (*a*) of this sub-section may be withdrawn by the Council at any time by giving not less than one week's notice in writing to the employer. The employer shall thereupon return the certificate to the Council for cancellation.

16. EXHIBITION OF AGREEMENT.

Every employer shall affix and keep affixed, in or at the place where his employees are working, a legible copy of this agreement.

17. REGISTRATION OF EMPLOYERS AND EMPLOYEES.

(1) Every employer who did not comply with the provisions of section 17 of the Agreement published under Government Notice No. 756 of the 10th June, 1932, shall within one month from the date on which this Agreement comes into operation,

Ooreenkoms van krag word, en elke werkgewer wat na sodanige datum werk in die nywerheid aanvaar, moet binne een maand nadat hy met sy werksaamhede begin, onderstaande besonderhede aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 4581, Johannesburg, stuur:—

(*a*) Volle naam;
(*b*) adres;
(*c*) bedrywe of werksaamhede wat hy uitoefen.

(2) Ingeval die werkgewer 'n vennootskap is, dan moet benewens die besonderhede vermeld in subartikel (1) van hierdie artikel, ook die naam waaronder die vennootskap besigheid dryf, verstrek word.

18. Uitvoering van die Ooreenkoms.

Die Raad is die liggaam wat vir die uitvoering van hierdie Ooreenkoms verantwoordelik is.

19. Werkende Vennote.

Alle werkende werkgewers en/of vennote in die nywerheid moet die erkende werkure in hierdie Ooreenkoms vir arbeiders voorgeskryf betrag.

20. Agente.

Die Raad moet een of meer bepaalde persone aanstel as agente om by die uitvoering van die bepalings van hierdie Ooreenkoms behulpsaam te wees. 'n Agent sal geregtig wees om enige inrigting te betree en enige werkgewer of arbeiders te ondervra en die rekords van lone wat betaal, tyd wat gewerk en bedrae wat vir stukwerk en oortyd betaal word, na te sien ten einde te kan bepaal of aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms voldoen word.

Geteken te Johannesburg namens die partye op hede die 5de dag van Julie 1934.

W. A. WYETH,
Voorsitter van die Raad.

J. H. FORMAN,
Ondervoorsitter van die Raad.

F. C. WILLIAMS,
Sekretaris van die Raad.

✱ No. 1173.] [17 Augustus 1934.

LOONWET, 1925, SOOS BY WET No. 23 VAN 1930 GEWYSIG.

VASSTELLING No. 54.

BOUNYWERHEID, PORT ELIZABETH.

Nademaal dit by Goewermentskennisgewing No. 642, gedateer 18 Mei 1934, en gepubliseer in die *Staatskoerant* van 18 Mei 1934, ingevolge subartikel (1) (*a*) van artikel *sewe* van die Loonwet, 1925, soos by Wet No. 23 van 1930 gewysig, behoorlik bekendgemaak was dat daar voornemens was om 'n vasstelling te maak ooreenkomstig die aanbeveling van die Loonraad wat in genoemde kennisgewing gepubliseer is;

En nademaal aan die bepalings van subartikels (1) (*b*), (2) en (3) van artikel *sewe* van genoemde Wet, soos gewysig, voldoen is;

So is dit dat ek, Adrian Paulus Johannes Fourie, Minister van Arbeid, wat ingevolge subartikel (3) van artikel *sewe* van genoemde Wet, soos gewysig, 'n vasstelling gemaak het ooreenkomstig 'n gewysigde aanbeveling deur die Loonraad ingedien ingevolge die bepalings van subartikel (2) van genoemde artikel, hierby—

(*a*) die bepalings van sodanige vasstelling ingevolge subartikel (4) van artikel *sewe* van genoemde Wet, soos gewysig, as 'n Skedule hiervan publiseer en bepaal dat genoemde vasstelling van krag word op 27 Augustus 1934, en geldig bly vir 'n termyn wat eindig op 31 Augustus 1935; en

(*b*) (i) die bounywerheid; en
(ii) die magistraatsdistrik Port Elizabeth,

aanwys as 'n bedryf en 'n gebied waarop die bepalings van artikel *nege* van genoemde Wet, soos gewysig, van toepassing is

[*N.B.*—Die aandag word gevestig op subartikel (5) van artikel *sewe* van die Wet, soos gewysig, wat bepaal dat 'n vasstelling, na afloop van die termyn waarvoor dit gemaak is, regsgeldig bly totdat dit vervang word.]

A. P. J. FOURIE,
C. 1069/62. Minister van Arbeid.

SKEDULE.

1. Gebied waarin en Persone op wie die Vasstelling van Toepassing is.

Hierdie vasstelling is van toepassing op werknemers (behalwe vakleerlinge ingevolge die „Vakleerlingen Wet", 1922) in diens in die bounywerheid in die magistraatsdistrik Port Elizabeth, en op die werkgewers van al sulke werknemers.

and every employer entering the industry after that date, shall, within one month from the date of commencement of operations by him, forward to the Secretary to the Council, P.O. Box 4581, Johannesburg, the following particulars:—

(*a*) Full name;
(*b*) address;
(*c*) trades or operations carried out by him.

(2) Where the employer is a partnership, information in accordance with sub-section (1) of this section, as well as the title under which the partnership operates shall be furnished.

18. Administration of Agreement.

The Council shall be the body responsible for the administration of this Agreement.

19. Working Partners.

All working partners and/or employers in the industry shall observe the recognized hours prescribed for employees in this Agreement.

20. Agents.

The Council shall appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement. An agent shall be entitled to enter any establishment and may question the employer or any employees and inspect the records of wages paid, time worked and payment made for overtime and piece-work, for the purpose of ascertaining whether the terms of this Agreement are being observed.

Signed at Johannesburg, on behalf of the parties, on this 5th day of July, 1934.

W. A. WYETH,
Chairman of the Council.

J. H. FORMAN,
Vice-Chairman of the Council.

F. C. WILLIAMS,
Secretary of the Council.

✱ No. 1173.] [17th August, 1934.

WAGE ACT, 1925, AS AMENDED BY ACT No. 23 of 1930.

DETERMINATION No. 54.

BUILDING INDUSTRY, PORT ELIZABETH.

Whereas in Government Notice No. 642, dated 18th May, 1934, published in the *Gazette* of the 18th May, 1934, it was duly notified, in terms of sub-section (1) (*a*) of section *seven* of the Wage Act, 1925, as amended by Act No. 23 of 1930, that it was proposed to make a Determination in accordance with the Recommendation of the Wage Board published in the said notice;

And whereas the provisions of sub-sections (1) (*b*), (2) and (3) of section *seven* of the said Act, as amended, have been complied with;

Now, therefore, I, Adrian Paulus Johannes Fourie, Minister of Labour, having, in terms of sub-section (3) of section *seven* of the said Act, as amended, made a determination in accordance with an amended recommendation submitted by the Wage Board under the provisions of sub-section (2) of the said section, hereby—

(*a*) in terms of sub-section (4) of section *seven* of the said Act, as amended, publish as a Schedule hereto the terms of such Determination, and specify that the said Determination shall come into operation on the 27th August, 1934, and that it shall be effective for the period terminating 31st August, 1935; and

(*b*) designate—
(i) the Building Industry; and
(ii) the Magisterial District of Port Elizabeth,

as a trade and an area to which the provisions of section *nine* of the said Act, as amended, shall apply.

[*N.B.*—Attention is directed to sub-section (5) of section *seven* of the Act, as amended, which provides that a Determination shall continue to be effective after the expiration of the period for which it was made, until superseded.]

A. P. J. FOURIE,
C. 1069/62. Minister of Labour.

SCHEDULE.

1. Area and Scope of Operation of Determination.

This determination shall apply to employees (other than apprentices under the Apprenticeship Act, 1922) employed in the building industry in the Magisterial District of Port Elizabeth and to the employers of all such employees.

2. WOORDBEPALING.

Behalwe waar blykbaar anders bedoel word, het alle uitdrukkings wat in hierdie vasstelling gebesig word, en waarvan in die Loonwet, 1925, die betekenis bepaal is, dieselfde betekenis as in daardie Wet; is by elke verwysing na 'n Wet ook elke wysiging van sodanige Wet inbegrepe; sluit woorde, wat die manlike geslag aandui, ook vroumense in; en verder, tensy teenstrydig met die samehang, beteken—

„ arbeider " 'n werknemer wat uitsluitlik by een of meer van onderstaande werksaamhede diens doen:—

(1) Klippe of grond uitgrawe of uithaal vir fondamente, slote, riole of waterleidings;
(2) uitgegrawe klippe of grond verwyder;
(3) met skopgrawe materiaal in mortel- of betonmengmasjiene gooi of daaruit haal of mortel of beton meng;
(4) materiaal op- of aflaai;
(5) mortel, stene, klippe, beton of ander materiaal dra;
(6) gebruikte stene skoonmaak;
(7) opvul van vorms in pleisterwerkers boetseerwerkwinkels;
(8) woonplekke deur naturelle bewoon, of latrines deur naturelle gebruik, met kalk was; en met teer werk;
(9) 'n voertuig getrek deur diere bestuur;
(10) betonvorms van betonwerk verwyder of afhaal, of natsakke by beton gebruik;
(11) 'n gebou uitvee of skoonmaak, of vuilgoed verwyder of verbrand; of
(12) gate of groewe in mure slaan.

3. LONE.

(1) Behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) van hierdie artikel en van artikel *vyf*, moet aan onderstaande klasse werknemers onderstaande minimum uurlone betaal word:—

	Per Uur. s.	d.
(*a*) 'n Werknemer in diens by skilderwerk per borsel of sproeier; versiering; uitplak met muurpapier; insit van ruite; afwit met distemper; afwit met kalk, kleurkalk of witkalk (behalwe die afwit van woonplekke deur naturelle bewoon of latrines deur naturelle gebruik); houtvlamming; of poleerwerk	2	3
(*b*) 'n Werknemer [behalwe 'n werknemer in paragraaf (*a*) of (*c*) van hierdie subartikel gespesifiseer] wat enige werk doen—		
(i) by die oprig, instandhou, repareer, verandering of herstel van 'n gebou of deel van 'n gebou;		
(ii) by die aanbring van toebehorings of uitrusting in 'n gebou of deel van 'n gebou;		
(iii) by die voorbereiding of bymekaarbring van materiaal vir oprigting, instandhouding, herstel, verandering, of vernuwing van 'n gebou of deel van 'n gebou; of		
(iv) by die voorbereiding of bymekaarbring van materiaal vir die aanbring van toebehorings of uitrusting in 'n gebou of deel van 'n gebou	2	8
(*c*) Arbeider	0	7½
(*d*) Alle ander werknemers nie elders gespesifiseer nie	1	3

(2) Aan 'n werknemer wat sy vakleerlingskap in die bounywerheid voltooi het, kan, vir 'n tydperk van twaalf maande vanaf die datum van voltooiing van sy vakleerlingskap, 'n laer loon betaal word as dié wat in artikel 3 (1) (*a*) of 3 (1) (*b*) van hierdie vasstelling bepaal is, maar sodanige laer loon moet vir die eerste ses maande van sodanige tydperk minstens 1s. 9d. per uur wees, en vir die tweede ses maande van daardie tydperk minstens 2s. per uur.

(3) Aan 'n jeugdige in diens by enige vak of onderdeel van 'n vak wat vir die bounywerheid ingevolge die „ Vakleerlingen Wet ", 1922, aangewys is, moet vir die tydperk wat hy kragtens artikel *vier* (2) van die „ Vakleerlingen Wet " sonder 'n vakleerlingkontrak in diens mag wees, 'n loon van minstens 10s. per week betaal word.

4. BETALING VAN TYDLONE EN OORTYDVERDIENSTES.

(1) Alle tydlone en oortydverdienstes is weekliks of by diensbeëindiging (as dit voor die werknemer se gewone betaaldag val) verskuldig en in kontant betaalbaar.

(2) Geen werknemer kan verplig word om as deel van sy dienskontrak by die werkgewer, of by 'n deur die werkgewer aangewese plek, te eet of in te woon of om by die werkgewer goedere te koop nie. 'n Werknemer wat instem om kos of inwoning of beide kos en inwoning van sy werkgewer aan te neem, kan nie verplig word om per week meer as 6s. vir kos en inwoning of 4s. vir kos of 2s. vir inwoning te betaal nie.

(3) Vir die opleiding van 'n werknemer mag geen premie bereken of aangeneem word nie.

(4) Boetes mag nie aan 'n werknemer opgelê word nie, en geen bedrae van watter aard ook mag van 'n werknemer se tydloon en oortydverdienstes afgetrek word nie, behalwe onderstaande—

(*a*) met skriftelike toestemming van die werknemer kan daar vir vakansie-, siekte-, versekerings-, ondersteunings- of pensioenfondse bedrae afgetrek word;

2. DEFINITIONS.

Unless the contrary intention appears, any expression used in this determination and defined in the Wage Act, 1925, has the same meaning as in that Act; any reference to an Act includes any amendment of such Act; words importing the masculine gender include females; further, unless inconsistent with the context—

" labourer " means an employee who works exclusively in one or more of the following occupations:—

(1) Digging or taking out stone or soil for foundations, trenches, drains or channels;
(2) removing excavated stone or soil;
(3) shovelling materials into or removing them from mortar or concrete mixing machines, or mixing mortar or concrete;
(4) loading or unloading materials;
(5) carrying mortar, bricks, stone, concrete or other materials;
(6) cleaning used bricks;
(7) filling of moulds in plasterers' modelling shops;
(8) lime washing of native habitations or native latrines or the using of tar;
(9) driving an animal-drawn vehicle;
(10) removing or stripping shuttering from concrete work or bagging down concrete;
(11) sweeping or cleaning a building or removing or burning rubbish; or
(12) cutting holes or channels in walls.

3. WAGES.

(1) Subject to the provisions of sub-sections (2) and (3) of this section and of section *five* the minimum wages that shall be paid per hour to the undermentioned classes of employees shall be as follows:—

	Per Hour. s.	d.
(*a*) An employee employed in painting by brush or spray; decorating; paper-hanging; glazing; distempering; lime, colour or white washing (other than the lime washing of native habitations or native latrines); graining; or polishing	2	3
(*b*) An employee [other than an employee specified in paragraph (*a*) or (*c*) of this sub-section] who does any work—		
(i) in the erection, maintenance, repair, alteration or renovation of a building or portion of a building;		
(*e*) 'n Beampte mag nie langer as 180 dae aaneen op vakansieverlof, of op vakansieverlof en geleentheidsverlof same, wegbly nie, met dien verstande dat die voorsitter of vise-voorsitter van die Raad 'n verlenging van verlof vir 'n korte redelike tyd mag toestaan aan 'n beampte wat, buite sy toedoen, verhinder word om hom vir diens aan te meld, mits hy voldoende verlof te goed het. As 'n beampte nie voldoende vakansie- of geleentheidsverlof te goed het om die verlangde verlenging te dek nie, word enige verlof bo die verlof wat daardie beampte te goed het, as verlof sonder salaris gereken.

Siekteverlof.

(7) (*a*) Siekteverlof vir tydperke wat bymekaar nie meer bedra nie as die getal dae bepaal in subartikel (4), en op 'n salaris wat nie die eweneens bepaalde skaal te bowe gaan nie, mag aan 'n beampte toegestaan word gedurende elke reeks van drie diensjare, bereken vanaf die datum van sy aanstelling, met dien verstande dat, in die geval van iemand wat kragtens subartikel (*b*) van artikel *twaalf* van Wet No. 56 van 1926 'n beampte geword het, vir die doeleindes van hierdie regulasie die datum van sy vorige aanstelling beskou word as die datum van sy aanstelling.

(*b*) In die geval van 'n beampte met minder as drie jaar diens, mag siekteverlof alleen toegestaan word na verhouding tot die werklik volbragte dienstyd, bereken volgens die grootste hoeveelheid siekteverlof op volle en op half salaris wat gedurende elke reeks van drie jaar toegestaan word.

(*c*) 'n Beampte aan wie siekteverlof op half salaris toegestaan is en wat die nodige vakansie- of geleentheidsverlof te goed het, mag na eie keuse vakansie- of geleentheidsverlof neem in plaas van sodanige siekteverlof.

(*d*) Niks in hierdie regulasies vervat belet die ontslag van 'n beampte uit die diens van die Raad op grond van slegte gesondheid, voordat die langste, of enige, tydperk van siekteverlof toegestaan is.

Verlof sonder Salaris.

(8) Verlof sonder salaris, vir tydperke van hoogstens drie maande, mag in buitengewone omstandighede toegestaan word vir sodanige doeleindes as wat die voorsitter of vise-voorsitter van die Raad mag goedkeur.

Aanvraag om Verlof.

(9) Verlof ooreenkomstig hierdie regulasies word alleen toegestaan op skriftelike aanvraag op 'n vorm wat die Raad goedgekeur het. 'n Aanvraag om verlof moet in die geval van parke waarvoor 'n opsiener aangestel is, deur die opsiener, of anders regstreeks, aan die sekretaris gestuur word en, behalwe in die geval van siekteverlof, mag die aanvraer sy werk nie verlaat nie alvorens aan hom meegedeel is dat sy aanvraag toegestaan is.

Verlofregister.

(10) Die sekretaris moet 'n verlofregister aanhou. Alle verlof wat kragtens hierdie regulasies toegestaan word, behalwe verlof aan naturelle-veldwagters, moet in daardie register aangeteken word, en alle aanvraagvorms, met die besluit wat daaromtrent geneem is, moet in die kantoor van die sekretaris bewaar word.

(11) Dit word geag dat die bepalings van hierdie regulasies, in verband met alle verlof, op 15 Desember 1926 in werking getree het.

ONDERHOUDS- EN REISTOELAES.

18. (1) Onderstaande is die skaal van onderhouds- en reistoelaes wat aan beamptes van die Raad betaalbaar is:—

Die opsiener, £1 per dag.
Blanke veldwagters, 12s. 6d. per dag.

(2) Onderhouds- en reistoelaes word alleen betaal tot dekking van die redelike uitgawes van 'n beampte as hy buitekant die afdeling van die Park wat onder sy toesig staan op diens is.

(3) Behalwe die toelaes in subartikel (1) vasgestel, mag aan 'n beampte wat op diens reis alle redelike bykomende uitgawes, soos rytuighuur, draagloon en ander klein uitgawes, terugbetaal word.

(4) 'n Beampte moet so gou reis as wat omstandighede toelaat, en langs die kortste moontlike pad.

(5) Vorderinge vir terugbetaling van onderhouds- en reisonkoste moet gemaak word op 'n vorm wat deur die Raad goedgekeur is.

VERGOEDING VIR VERLIES VAN PRIVATE RY- OF TREKDIERE.

19. (1) Aan 'n beampte van wie verwag word om sy eie diere in die uitoefening van sy pligte te gebruik, mag vergoeding volgens onderstaande skaal betaal word vir die verlies van enige ry- of trekdier:—

Vir 'n perd: Koopprys van die dier, maar nie meer as £30 nie.

Vir 'n muil: Koopprys van die dier, maar nie meer as £25 vir 'n gespuite muil en £20 vir 'n oningespuite muil nie.

Vir 'n esel: Koopprys van die dier, maar nie meer as £5 nie.

(*c*) Sundays and public holidays falling within a period of vacation leave taken shall be regarded as vacation leave.

(*d*) The period of any vacation leave which may be granted in respect of the portion of the calendar year during which the officer commenced or terminated his services shall be calculated proportionately.

(*e*) An officer may not be absent on vacation leave or vacation and occasional leave combined for a longer continuous period than 180 days; provided that the chairman or vice-chairman of the Board may authorize an extension of leave for a short reasonable period to an officer who is prevented from reporting for duty from causes not within his own control, subject to his having sufficient leave to his credit. Where an officer has not sufficient vacation or occasional leave to his credit to cover the period of extension desired, any period of leave that may be granted in excess of the leave due to such officer shall be regarded as leave without pay.

Sick Leave.

(7) (*a*) Sick leave for periods not exceeding in the aggregate the number of days specified in sub-section (4) with pay at rates not exceeding those likewise specified, may be granted to an officer during the course of each cycle of three years' service, reckoned from the date of his appointment, provided that in the case of a person who became an officer in terms of sub-section (6) of section *twelve* of Act No. 56 of 1926, the date of his prior appointment, shall be regarded as the date of his appointment for the purposes of this regulation.

(*b*) In the case of an officer with less than three years' service, sick leave may only be granted in proportion to the period of service actually completed, based on the maximum amount of sick leave on full pay and on half-pay allowed during each cycle of three years.

(*c*) An officer who has been granted sick leave on half-pay, and who has the necessary vacation or occasional leave to his credit may elect to take vacation or occasional leave instead of such sick leave.

(*d*) Nothing in these regulations contained shall preclude the retirement of an officer from the service of the Board on the grounds of ill-health before the maximum of any period of sick leave has been granted.

Leave without Pay.

(8) Leave without pay for periods not exceeding three months may be granted in exceptional circumstances for such purposes as the chairman or vice-chairman of the Board may approve.

Application for Leave.

(9) Leave under these regulations shall be granted only after written application made in the form approved by the Board. An application for leave shall be submitted to the secretary through the warden in the case of Parks to which a warden has been appointed, or otherwise directly to the secretary, and the applicant shall not, except in the case of sick leave, relinquish his duties until he has been advised that his application has been granted.

Leave Register.

(10) A register of leave shall be kept by the secretary. Every grant of leave under these regulations, excepting leave granted to native rangers, shall be recorded in such register, and all forms of application for leave with the decision endorsed thereon shall be filed for record in the office of the secretary.

(11) The provisions of these regulations in regard to all leave shall be deemed to have been in force as and from the 15th December, 1926.

SUBSISTENCE AND TRAVELLING ALLOWANCES.

18. (1) The following shall be the rate of subsistence and travelling allowances payable to officers of the Board:—

The warden, £1 per diem.
European rangers, 12s. 6d. per diem.

(2) Subsistence and travelling allowances shall only be paid to cover reasonable out-of-pocket expenses incurred by an officer while absent on duty outside the section of the Park under his control.

(3) In addition to the allowance prescribed in sub-section (1) an officer travelling on duty may be reimbursed any reasonable incidental expenditure, such as cab-hire, porterage, and other petty expenses.

(4) An officer shall be required to travel as rapidly as circumstances permit and by the shortest possible route.

(5) Claims for reimbursement of subsistence and travelling expenses shall be made on a form approved by the Board.

COMPENSATION FOR LOSS OF PRIVATE ANIMAL TRANSPORT.

19. (1) An officer who is required to employ his own transport for the performance of his duties may be granted compensation for the loss of any transport animals at the undermentioned rates:—

For a horse: Purchase price of the animal not exceeding £30.

For a mule: Purchase price of the animal not exceeding £25 for an immunized mule and £20 for a mule not immunized.

For a donkey: Purchase price of the animal not exceeding £5.

Met dien verstande dat—

(*a*) waar vergoeding betaalbaar is vir 'n dier wat oor sewe jaar oud was, maar wat volgens subartikel (2) geregistreer is toe dit onder sewe jaar oud was, die bedrag kragtens hierdie artikel betaalbaar met 10 persent per jaar verminder moet word, gereken vanaf die datum waarop die dier die ouderdom van sewe jaar bereik het;

(*b*) waar vergoeding betaalbaar is vir 'n dier wat soos voormeld geregistreer is nadat dit die ouderdom van sewe jaar bereik het, die bedrag kragtens hierdie regulasie betaalbaar met 10 persent per jaar verminder moet word, gereken vanaf die datum van registrasie.

(2) Elke dier waarvoor die Raad kragtens hierdie regulasies vir vergoeding aanspreeklik is, moet in die kantoor van die sekretaris geregistreer word, en die besonderhede daaromtrent moet in 'n vorm en op 'n manier deur die Raad voorgeskryf aangeteken word

Gevalle waarin Geen Vergoeding Toegestaan word nie.

20. (1) Geen vergoeding word betaal vir 'n dier wat deur siekte of letsel doodgaan, as geen identiteitsertifikaat, in 'n vorm deur die Raad voorgeskryf, ingedien is nie, of—

(*a*) as die siekte of letsel waaraan daardie dier doodgegaan het, opgedoen is terwyl die dier gebruik is vir ander werk as vir werk deur die Raad gemagtig;

(*b*) as die siekte of letsel waaraan daardie dier doodgegaan het die gevolg was van sorgeloosheid, verkeerde behandeling, verwaarlosing, oorwerk of onbehoorlike blootstelling, en die bewyslas dat die dood nie so veroorsaak was nie berus by die betrokke beampte;

(*c*) as die beampte nie 'n redelike bewys kan lewer nie dat die dier gesond en sonder gebrek was toe dit, soos voormeld, geregistreer was;

(*d*) as die eienaar van daardie dier nalatig is om sy aanspraak op vergoeding in te dien binne twee maande na die dag waarop die dier doodgegaan het;

(*e*) as die dier nie volgens subartikel (2) van artikel *elf* geregistreer is nie;

(*f*) as die verlies wat gely is deur assuransie gedek is.

(2) Geen vergoeding word betaal vir die verlies van 'n dier wat weggeloop het, tensy die betrokke beampte bewys dat dit hoegenaamd nie aan hom te wyte is nie.

Vergoeding vir Verliese deur Perdesiekte.

21. Geen vergoeding vir die verlies aan perdesiekte van 'n dier wat aan 'n beampte behoort word betaal nie, tensy die Raad sy registrasie, soos voormeld, as 'n ongesoute perd of oningespuite muil, na gelang van omstandighede, veroorloof het, of tensy die beampte aan wie die dier behoort het tot bevrediging van die Raad kan aantoon dat hy, toe die dier geregistreer is, gegronde rede gehad het om te glo dat die dier gesout of ingespuit was.

Vorm van Aansprake op Vergoeding.

22. Alle aansprake op vergoeding moet in 'n vorm wat deur die Raad goedgekeur is, aan die sekretaris voorgelê word.

AANSTELLING EN DIENSVOORWAARDES VAN BEDIENDES VAN DIE RAAD.

Aanstelling.

23. (1) Die opsiener van 'n Park of enige blanke veldwagter wat deur hom of deur die Raad daartoe gemagtig is, mag soveel naturelle-bediendes aanstel as wat die Raad mag goedkeur.

Attestasie.

(2) Elke naturelle-bediende moet by sy aanstelling 'n verklaring aflê op 'n vorm van attestasie deur die Raad goedgekeur, en sy handtekening of merk daarop sit.

Dienstydperk.

(3) Naturelle-bediendes word in diens geneem vir sodanige tydperke as wat die opsiener of enige deur hom gemagtigde blanke veldwagter of die Raad mag bepaal.

Ontslag.

(4) 'n Naturelle-bediende mag te eniger tyd deur die opsiener uit die diens van die Raad ontslaan word weens enige ernstige wangedrag of ongehoorsaamheid, of weens pligsversuim van sodanige aard dat die opsiener die ontslag geregverdig ag, of as na sy aanstelling blyk dat hy nie in staat is om sy diens behoorlik te verrig nie. In die geval van Parke waarvoor geen opsiener aangestel is nie, mag sodanige ontslag om bogenoemde redes gegee word deur die veldwagter wat met die toesig oor sodanige Park belas is, behoudens die goedkeuring van die Raad.

Loon.

(5) Aan naturelle-bediendes word sodanige loon betaal as wat die betrokke opsiener of veldwagter van die onderskeidelike Nasionale Parke, behoudens die goedkeuring van die Raad, mag bepaal.

Rantsoen en Onderhouds- en Reistoelaes.

(6) Naturelle-bediendes moet vir hulle eie rantsoene sorg. Wanneer 'n naturelle-bediende egter buite die afdeling van die Park waarin hy gewoonlik werksaam is in diens van die Raad moet reis, mag 'n onderhouds- en reistoelae van 1s. per dag aan hom uitbetaal word, of mag hy kosteloos van rantsoene voorsien word so lang hy van sy hoofkwartier afwesig is.

Provided that:

(*a*) where compensation is payable in respect of an animal over the age of seven years but which was registered in terms of sub-section (2) while under the age of seven years, the amount payable under this section shall be diminished at the rate of 10 per cent. per annum, reckoned from the date the animal reached the age of seven years;

(*b*) where compensation is payable in respect of an animal, which was registered as aforesaid after it had reached the age of seven years, the amount payable under this regulation shall be diminished at the rate of 10 per cent. per annum, reckoned from the date of registration.

(2) Every animal in respect of which the Board is liable to pay compensation under these regulations shall be registered in the offices of the secretary, and the particulars thereof shall be recorded in the form and manner prescribed by the Board.

Cases in which Compensation is not Allowed.

20. (1) No compensation shall be paid for the death of an animal by disease or injury in the absence of a certificate of identity in a form prescribed by the Board or—

(*a*) if the disease or injury of which such animal died was contracted or sustained while the animal was being used otherwise than on authorized service of the Board;

(*b*) if the disease or injury of which such animal died was caused through carelessness, improper treatment, neglect, overwork, or undue exposure, the onus of proving that death was not so caused resting upon the officer concerned;

(*c*) if the officer cannot furnish reasonable proof that the animal was sound in wind and limb when registered as aforesaid;

(*d*) if the owner of such animal neglects to submit his claim for compensation within two months of the date of death;

(*e*) if the animal was not registered in terms of sub-section (2) of section 11;

(*f*) if the loss sustained is covered by insurance.

(2) No compensation shall be paid for the loss of any animal through straying, unless the officer concerned proves that he is in no way to blame for such straying.

Compensation for Losses from Horse-sickness.

21. No compensation shall be paid for the loss from horse-sickness of any animal belonging to an officer unless its registration as aforesaid as an unsalted horse, or unimmunized mule, as the case may be, was authorized by the Board, or unless the officer to whom the animal belonged can show to the satisfaction of the Board that he had reasonable grounds for believing that the animal was salted or immunized, as the case may be, at the time of its registration.

Form of Claim for Compensation.

22. All claims for compensation shall be submitted to the secretary in a form approved by the Board.

EMPLOYMENT OF AND CONDITIONS OF SERVICE OF SERVANTS OF THE BOARD.

Appointment.

23. (1) The warden of a Park or any European ranger deputed by him or by the Board may appoint such number of native servants as may be approved by the Board.

Attestations.

(2) Every native servant shall on appointment declare to a form of attestation approved by the Board, and place his signature or mark thereon.

Period of Service.

(3) Native servants shall be engaged for such periods as may be determined by the warden or any European ranger deputed by him or by the Board.

Dismissal.

(4) A native servant may at any time be dismissed by the warden from the service of the Board for any serious misconduct, or for insubordination, or for any neglect of duty of such a nature as in the opinion of the warden justifies such dismissal, or if after appointment it is found that he is incapable of efficiently discharging his duties. In the case of Parks to which no warden has been appointed such dismissal for the reasons sanctioned may be made by the ranger in charge of such Park, subject to approval by the Board.

Wages.

(5) Native servants shall be paid such wages as the warden or ranger concerned in the respective National Park may from time to time determine, subject to the approval of the Board.

Rations and Subsistence and Travelling Allowances.

(6) Native servants shall be required to supply their own rations. Where a native servant is however required to travel on the business of the Board outside the section of the Park in which he is ordinarily employed, he may be paid a subsistence and travelling allowance of 1s. per day or be supplied with rations, free of charge, during the period he is absent from his headquarters.

Uniform.

(7) Naturelle-veldwagters word voorsien van 'n uniform en van sodanige uitrustingstukke as wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal. Daardie uniform en uitrusting bly die eiendom van die Raad en 'n naturelle-veldwagter wat enige kleding- of uitrustingstuk wat aan die Raad behoort, verkoop, verruil of op enige ander manier daarvan afstand doen, kan, afgesien van enige strafregterlike aanspreeklikheid, deur die opsiener ontslaan word, en die waarde van daardie kledingstuk of uitrustingstuk kan afgetrek word van enige loon wat aan daardie naturel verskuldig is. Geen naturelle-veldwagter mag toelaat dat sy uniform of uitrusting, of enige deel daarvan, deur iemand anders gebruik word nie, behalwe met toestemming, of op las, van die opsiener of 'n veldwagter. Dit is aan naturelle wat op verlof gaan verbied om enige deel van hul uniform of uitrusting met hulle saam te neem.

VERLOF.

Vakansieverlof.

(8) Die opsiener mag aan naturelle vakansieverlof, wat nie oploop nie, van 14 dae op elke jaar diens, op volle loon, toestaan, mits geen sodanige verlof toegestaan word totdat een jaar diens voltooi is.

Die opsiener mag ook aan naturelle soveel verlof sonder loon toestaan as wat hy mag bepaal. Enige verlof sonder loon word nie as diens gereken nie.

Siekteverlof.

Siekteverlof, op volle loon, van hoogstens veertien dae op elke jaar diens mag na goeddunke van die opsiener toegestaan word, met dien verstande dat, waar die siekte of letsel die direkte gevolg is van diensverrigting, die opsiener verlof mag toestaan vir solang en op sodanige voorwaardes as wat die omstandighede volgens sy oordeel vereis.

24. Alle regulasies of verordeninge wat tot dusver kragtens die bepalings van subartikel (4) van artikel *negentien* van die Wet van krag was, word hierby herroep in sover hulle op die Parke van toepassing is.

✱ No. 1152.] [17 Augustus 1934.

Tenders word hierby gevra en sal by die Departement van Lande, Pretoria, ingewag word tot 15 September 1934, vir 'n huurkontrak vir besigheidsdoeleindes, van 'n terrein groot 100 by 150 voet op Perseel No. 566, van die plaas „ Zanddrift ", Brits.

Die insethuur is £50 per jaar.

Kopieë van die terme en voorwaardes van die huurkontrak is verkrygbaar by die Sekretaris van Lande, Pretoria, en die Kontroleur van die Hartebeestpoort-nedersetting, Brits.

Tenders behoort geadresseer te word aan die Sekretaris van Lande, Pretoria, in 'n verseëlde koevert, geëndosseer „ Tender vir die Huur van Besigheidsterrein, Zanddrift ".

Die hoogste of enige tender word nie noodwendig aangeneem nie.

✱ No. 1153.] [17 Augustus 1934.

KOMMISSIE INSAKE VERLIGTING AAN SETLAARS.

Dit word hierby bekend gemaak dat Josephus Fourie aangestel is as Sekretaris van die Kommissie insake Verligting aan Setlaars in die plek van Francois Neser.

✱ No. 1155.] [17 Augustus 1934.

HOEWES BESKIKBAAR KRAGTENS DIE „ KROONGROND NEDERZETTINGS WET ", No. 12 VAN 1912 (SOOS GEWYSIG).

Gedurende 'n termyn van ses weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing **(wat dus verstryk op 28 September 1934)** en solank daarna as die hoewes of enigeen daarvan nog nie toegeken is nie, kan by die Departement van Lande, Pretoria, aansoeke ingedien word om toekenning onder huurkontrak vir 'n termyn van vyf (5) jaar met die reg om die grond te eniger tyd gedurende die termyn van die huurkontrak of by verstryking daarvan, aan te koop op voorwaardes van Voorwaardelike Koophuurkontrak lopende oor 'n tydperk van veertig (40) jaar, in terme van, en onderworpe aan, die bepalings van die **„ Kroongrond-Nederzettings Wet ", No. 12 van 1912,** en Wysigingswette, en regulasies ingevolge daarvan gepubliseer.

Die Goewerment behou die reg om een of meer van die hoewes wat in hierdie kennisgewing aangebied word, te eniger tyd terug te trek.

Alle vorige kennisgewings waarin enigeen van hierdie hoewes geadverteer word, word hierby teruggetrek vir sover dit die advertensie van genoemde hoewes betref.

Na die datum waarop hierdie kennisgewing verstryk moet applikante eers by die Departement van Lande uitvind watter hoewes nog beskikbaar is, alvorens enigeen daarvan te gaan besigtig.

Uniform.

(7) Native rangers will be supplied with uniform and such items of equipment as may be decided upon by the Board from time to time. Such uniform and equipment shall remain the property of the Board, and any native ranger who sells, barters, or in any other way disposes of any article of clothing or equipment belonging to the Board may, apart from any criminal liability, be dismissed by the warden, and the value of such article of clothing or equipment may be deducted from any pay due to such native. No native ranger shall permit his uniform or equipment or any portion thereof to be worn or used by any other person except with the permission or under the orders of the warden or any ranger. Natives proceeding on leave are forbidden to take with them any article of uniform or equipment.

LEAVE.

Vacation Leave.

(8) The warden may grant natives non-accumulative vacation leave on full pay for a period of fourteen days in respect of every year of service, provided that no such leave shall be granted until one year's service is completed.

The warden may also grant natives such periods of leave without pay as he may determine. Any leave without pay shall not count as service.

Sick Leave.

Sick leave on full pay for a period not exceeding fourteen days in respect of any one year of service may be granted at the discretion of the warden, provided that where an illness or injury is the direct result of the performance of duty the warden may grant leave for such a period and on such conditions as he considers would meet the circumstances of the case.

24. All regulations or rules heretofore in force, under the provisions of sub-section (4) of section *nineteen* of the Act, are hereby repealed in so far as they affect the Parks.

✱ No. 1152.] [17th August, 1934.

Tenders are hereby invited and will be received by the Department of Lands, Pretoria, up to the 15th September, 1934, for a lease for trading purposes, of a site, in extent 100 by 150 feet, on plot No. 566, of the farm " Zanddrift ", Brits.

The upset rental shall be £50 per annum.

Copies of the terms and conditions of lease can be obtained from the Secretary for Lands, Pretoria, and the Controller of the Hartbeestpoort Settlement, Brits.

Tenders should be addressed to the Secretary for Lands, Pretoria, in a sealed envelope endorsed " Tender for Lease of Trading Site, Zanddrift ".

The highest or any tender need not necessarily be accepted.

✱ No. 1153.] [17th August, 1934.

SETTLERS' RELIEF COMMISSION.

It is hereby notified that Josephus Fourie has been appointed as Secretary to the Settlers' Relief Commission in the place of Francois Neser.

✱ No. 1155.] [17th August, 1934.

HOLDINGS AVAILABLE UNDER LAND SETTLEMENT ACT, No. 12 OF 1912 (AS AMENDED).

Applications will be received by the Department of Lands, Pretoria, for a period of six weeks from the date of the first publication of this notice **(thus expiring on the 28th September, 1934),** and for such time thereafter as the holdings or any of them remain unallotted, for the undermentioned holdings, to be disposed of on lease for a period of five (5) years, with the option of acquiring the land at any time during the currency of the lease, or at the expiration thereof, on terms of Conditional Purchase Lease extending over a period of forty (40) years, under and subject to the provisions of the **Land Settlement Act, No. 12 of 1912,** and amending Acts and any regulations published thereunder.

The Government reserves the right at any time to withdraw any or all of the holdings offered for disposal by this notice.

All previous notices advertising any of these holdings are hereby withdrawn in so far as the advertisement of the said holdings is concerned.

After the expiry of this notice intending applicants should ascertain from the Department of Lands which holdings are still available before proceeding to inspect any of them.

Howe No. *Holding No.*	HOEWE BESKIKBAAR. *HOLDING FOR DISPOSAL.* Geregistreerde Naam, Nommer en Distrik. *Registered Name, Number, and District.*	Grootte. *Area.* Morge. *Morgen.*	Vk. Roede. *Sq. Roods.*	Koopsom. *Purchase Price.*	Huurprys gedurende Huurtermyn, 1ste en 2de Jaar, Niks. *Rental during Lease Period, 1st and 2nd Year, Nil.* 3de Jaar Jaarlikse Huur. *3rd Year Yearly Rental.*	4de en 5de Jaar, Jaarlikse Huur. *4th and 5th Years, Yearly Rental.*	Jaarlikse Paaiement van Koopsom (Rente inbegrepe). *Yearly Purchase Instalment (including Interest).*
	TRANSVAAL.						
1	Gedeelte „ D " van GROENFONTEIN No. 228, MIDDELBURG. Portion " D " of	1,103	35	£ 1,621	£ s. d. 32 8 5	£ s. d. 56 14 8	£ s. d. 64 16 10 § xi.
2	Sekere gedeelte 1 van gedeelte genoem STRYDFONTEIN van OLIFANTSLAAGTE No. 115, MIDDELBURG. Certain portion 1 of portion called of	662	276	1,880	37 12 0	65 16 0	93 9 2 § xi.
3	Gedeelte „ B " van DE-NYL-ZYN-OOG No. 663, WATERBERG. Portion " B " of	525	223	1,120	22 8 0	39 4 0	55 13 7 § xi.
4	Gedeelte 2 van gedeelte „ B " genoem SCHOONGEZICHT van ZANDVALEI No. 63, LICHTENBURG. Portion 2 of portion " B " called of	600	—	1,516	30 6 5	53 1 3	75 7 3 § xi.

BESKRYWING VAN HOEWES.

Hoewe No. 1.—Geleë omtrent 10 myl noordwes van Middelburgdorp en -spoorwegstasie. (Vorige huurder J. P. Bezuidenhout.) Volgens rapporte is die hoewe geskik vir koring, mielies, bone, tabak, skape, beeste en perde en bestaan die volgende verbeterings daarop: Woonhuis, 2 rondawels, klipkraal, dam, vrugtebome, gedeeltelik omhein (swak).

Die Departement van Lande is tans besig met onderhandelings vir die omheining van 'n gedeelte van die grens van die hoewe en indien die Goewerment enige bedrag in verband daarmee moet betaal voor toekenning sal die suksesvolle applikant aanspreeklik wees vir terugbetaling van sodanige bedrag in terme van die Omheiningsvoorwaarde, soos uiteengesit onder die Algemene Voorwaardes van hierdie kennisgewing.

Hoewe No. 2.—Geleë omtrent 20 myl noordoos van Middelburg en omtrent 10 myl noord van Arnot-spoorwegstasie. (Vorige huurders R. en I. van Heerden.) Volgens rapporte is die hoewe geskik vir beeste en skape en vir koring, hawer, rog, mielies, boontjies, ens., en bestaan die volgende verbeterings daarop: 2 Huise, waenhuis, stal, kraal, 2 damme en fontein, skuur, rondawel, vrugte- en wattelbome en gedeeltelike omheining.

Die hoewe is onderworpe aan 'n serwituut van uitspanning groot 18 morg 11 vierkantroede.

Hoewe No. 3.—Die hoewe is geleë ongeveer 12 myl wes van Nylstroom-dorp en spoorwegstasie (vorige huurder P. H. Lubbe). Volgens rapporte geskik vir beeste, mielies, koring, kafferkoring, grondboontjies en boontjies. Die verbeterings daarop bestaan uit: Kleihuis, tabakhuis en omheining.

Die hoewe is onderworpe aan en geregtig tot sekere serwitute met betrekking tot water en minerale soos uiteengesit in Akte van Transport No. 9792/1928. Kopieë van die serwitute kan op aanvraag van die Sekretaris van Lande, Pretoria, verkry word.

Hoewe No. 4.—Geleë ongeveer 16 myl noordoos van Delarey en ongeveer 7 myl noord van Barberspan-stasie. (Vorige huurder G. W. König). Volgens rapporte is die hoewes geskik vir mielies, kafferkoring, bone, koei-erte, sonneblom, skape, beeste en varke, en bestaan die volgende verbeterings daarop: Woonhuis, windpomp, rondawel, vrugtebome, bloekombome, bakkiespomp, omheining en putte.

OPMERKING.—Op verskillende hoewes wat hierby geadverteer word, is tydelike huurders, en aan hulle moet alle fasiliteite gegee word vir oppas en oes van enige gesaaide wat op datum van toekenning op daardie hoewes is.

ALGEMENE VOORWAARDES.

Die huurkontrakte wat uitgegee word, bevat voorwaardes in verband met okkupasie, verbeterings, omheining, minerale, uitspannings, paaie en sulke ander voorwaardes as gewoonlik gestel word in landbou-huurkontrakte, uitgereik kragtens die Kroongrond-Nedersettingswet, No. 12 van 1912, en Wysigingswette. Die huurgeld, wat jaarliks vooruitbetaal moet word, is bereken op die koopprys volgens onderstaande persentasie basis:—

Huurgeld—

Eerste en tweede jaar: Niks.
Derde jaar: 2 persent per jaar.
Vierde en vyfde jaar: 3½ persent per jaar.
Ingeval van verlenging van huurkontrak na vyf jaar: 4 persent per jaar.

DESCRIPTION OF HOLDINGS.

Holding No. 1.—Situate about 10 miles north-west of Middelburg Township and Railway Station (ex-lessee, J. P. Bezuidenhout). Reported to be suitable for wheat, mealies, beans, tobacco, sheep, cattle and horses. The following improvements are reported to be on the holding: Dwelling-house, 2 rondavels, stone kraal, dam, fruit trees, partly fenced (poor).

The Department of Lands is at present dealing with a proposal to fence a portion of the boundary of the holding, and if the Government is called upon to pay any amount in respect thereof prior to allotment, the successful applicant will be liable for the repayment of such amount, in terms of the Fencing Condition set out in the General Conditions of this notice.

Holding No. 2.—Situate about 20 miles north-east of Middelburg and about 10 miles north of Arnot Railway Station (ex-lessees, R. and I. van Heerden). Reported to be suitable for cattle and sheep, and for wheat, oats, rye, mealies, beans, etc. The following improvements are reported to be on the holding: 2 Houses, wagonhouse and stable, kraal, 2 dams and fountain, shed, rondavel, some fruit and wattle trees and some fencing.

The holding is subject to a servitude of outspan measuring 18 morgen 11 square roods.

Holding No. 3.—The holding is situate approximately 12 miles west of Nylstroom Township and Railway Station (ex-lessee, P. H. Lubbe). Reported to be suitable for cattle, maize, wheat, kaffir corn, monkey-nuts and beans, and that the following improvements are on the holding: Clay house, tobacco shed and fencing.

The holding is subject and entitled to certain servitudes of water and minerals as set out in Deed of Transfer No. 9792/1928. Copies of the servitudes may be obtained on application to the Secretary for Lands, Pretoria.

Holding No. 4.—Situate about 16 miles north-east of Delarey and about 7 miles north of Barberspan Station (ex-lessee, G. W. König). Reported to be suitable for mealies, kaffir corn, beans, cowpeas, sunflower, sheep, cattle and pigs. The following improvements are reported to be on the holding: Dwelling-house, windmill, rondavel, fruit trees, bluegum trees, " Bakkies " pump, fencing and wells.

NOTE.—On several of the holdings hereby advertised are temporary lessees, and they shall be allowed all facilities for the tending and reaping of any crops that may be on these holdings at the date of allotment.

GENERAL CONDITIONS.

The leases to be issued will contain conditions relative to residence, improvements, fencing, minerals, outspans, roads, and such other conditions as are usually inserted in the agricultural leases granted under the Land Settlement Act, No. 12 of 1912, as amended.

The rentals, which are payable yearly in advance, are calculated on the purchase price on the following percentage basis:—

Rentals:—

First and second years: Nil.
Third year: 2 per cent. per annum.
Fourth and fifth years: 3½ per cent. per annum.
In the event of extension of lease after five years: 4 per cent. per annum.

Ingeval die opsie van voorwaardelike aankoop uitgeoefen word, sal die koopprys betaalbaar wees in 40 gelyke jaarlikse paaiemente wat kapitaal en rente insluit. Laasgenoemde word bereken teen 'n rentekoers van 4 persent.

Okkupasie—

Die huurkontrakte wat uitgereik moet word sal die bepalings bevat dat die huurders die plase wat aan hulle toegeken word persoonlik en op nuttige wyse moet bewoon binne 'n sekere termyn vanaf die datum van toekenning en daarna vir 'n bepaalde termyn elke jaar, soos hieronder aangegee:—

Hoewes Nos. 1 tot 4 moet binne drie maande geokkupeer word en vir minstens tien maande in elke kalenderjaar.

Boorgate—

Die huurkontrakte wat aangegaan moet word ten aansien van die hoewe waarop boorgate reeds gesink is of later gesink mag word, sal 'n klousule bevat wat die Goewerment die reg van toegang verleen en die reg om water te neem uit die boorgate vir boordoeleindes, gedurende 'n termyn van vyf jaar vanaf die datum van die huurkontrakte.

'n Voorwaarde van die huurkontrak sal wees, dat die suksesvolle applikant vir enige van bogenoemde hoewes waarop boorgate bestaan of voor of na toekenning gesink mag word, met ingang van die datum van toekenning of van voltooiing van die werk, verantwoordelik gehou sal word vir die behoorlike oppas en instandhouding van die boorgat of boorgate op sy hoewe en aanspreeklik sal wees vir enige skade daaraan veroorsaak. Hy moet derhalwe in geen geval sonder behoorlike pompmasjiene water daaruit trek nie.

Alle boorgate is in die reël met handpompe uitgerus, maar dit is moontlik dat daar in sommige gevalle geen pomp opgerig is nie. In sulke gevalle behoort die suksesvolle applikant, alvorens pompmasjinerie op te rig, by die Direkteur van Besproeiing, Pretoria, navraag te doen betreffende die masjinerie wat die beste geskik is vir gebruik in verband met so'n boorgat.

Die toets deur die Besproeiingsdepartement geneem in verband met die hoeveelheid water wat uit die genoemde boorgate gepomp kan word, was so betroubaar moontlik. Die Goewerment aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat deur 'n huurder gely mag word indien dit by 'n nuwe of uitgebreide toets blyk dat die water in die boorgat minder is as in hierdie kennisgewing vermeld, of ingeval ander besonderhede aangaande die boorgat gegee, onjuis mag blyk.

Opmetings—

Indien dit ooit noodsaaklik blyk om die hoewe opnuut op te meet of 'n sertifikaat van geamendeerde titel uit te neem weens foute in die bestaande opmeting, moet alle koste van so'n opmeting of sertifikaat van geamendeerde titel deur die huurder gedra word. Indien dit blyk dat die hoewe groter is as in hierdie kennisgewing vermeld, kom die voordeel daarvan aan die huurder toe sonder dat die koopprys van die hoewe verhoog word; blyk dit daarenteen dat die grond kleiner is as in hierdie kennisgewing vermeld, moet die huurder dit aanvaar sonder vermindering van die koopprys en in so 'n geval het hy, ten opsigte daarvan, geen vordering teen die Goewerment nie.

Onderverdelings—

'n Spesiale bepaling van die huurkontrak is, dat, ingeval 'n hoewe toegeken word aan twee of meer huurders, die Minister, na goeddunke, die huurders kan oproep om die hoewe op hulle eie koste onder te verdeel op 'n wyse soos deur die huurders ooreengekom en deur die Minister goedgekeur, of as hulle in gebreke bly om binne 'n tydperk van hoogstens drie maande so 'n ooreenkoms te tref, dan op 'n wyse wat die Minister vasstel. So 'n ooreenkoms tussen die huurders of vasstelling van die Minister moet vermeld—

(1) die aandeel van die onderverdelingskoste wat elke huurder moet betaal, met inbegrip van die koste van opmeting;
(2) indien 'n voorskot verleen word, waarvan die bedrag nie by die koopprys gevoeg is nie, die aandeel wat elke huurder moet ontvang van enige vee, gereedskap of ander goedere en tot watter bedrag 'n huurder aanspreeklikheid moet aanvaar vir die aandeel wat hy ontvang het;
(3) wat die koopprys is van elke onderverdeling met behoorlike inagneming van alle verbeterings wat deur die Minister aangebring of deur middel van 'n voorskot deur die Minister verleen is, en watter deel van die reeds betaalde paaiemente kapitaal is.

Die huurders moet binne drie maande na so 'n ooreenkoms gesluit of 'n vasstelling deur die Minister gemaak is, onderneem om op hulle eie koste sodanige maatreëls te tref as nodig is om volgens Wet die regte in die huurkontrak, volgens bogenoemde ooreenkoms of vasstelling deur die Minister, behoorlik te sedeer.

ALGEMENE OPMERKINGS.

Uitreiking van Kroongrondbriewe—

Kroongrondbriewe van hoewes kan in spesiale gevalle met toestemming van die Goewerneur-generaal uitgereik word voor afloop van 'n termyn van tien (10) jaar na datum van toekenning. As 'n huurder, nadat hy 'n hoewe vir vyf (5) jaar gehuur het, die Landraad kan oortuig dat die waarde van sy hoewe met permanente verbeterings van 'n deeglike

In the event of the option of conditional purchase being exercised, the purchase price becomes payable in 40 equal yearly instalments, which include capital and interest, the latter being calculated at the rate of 4 per cent.

Occupation—

The leases to be issued will contain conditions to the effect that the lessees shall personally and beneficially occupy the holdings allotted within a certain period from the date of allotment, and thereafter for a particular period during every calendar year, as follows:—

Holdings Nos. 1 to 4 to be occupied within three months and for at least ten months every calendar year.

Boreholes—

A clause will be inserted in the leases which it is proposed to issue in respect of those holdings on which boreholes have been or may be sunk, giving the Government access to and the right to take water from the boreholes for drilling purposes for a period of five years from the dates of the leases.

It will be a condition of lease that the successful applicant for any of the above holdings on which boreholes exist or may be sunk previous to or after allotment will be held responsible, as from the date of allotment or of completion of the work, for the proper care and maintenance of the borehole or boreholes on his holding, and shall be liable for any damage caused thereto. He must, therefore, on no account raise water without proper pumping machinery.

All boreholes are, as a rule, equipped with hand-pumps, but it may possibly occur that in isolated cases no pump has been erected, in which case inquiries as to the most suitable machinery to be utilized in connection with any borehole should be made to the Director of Irrigation, Pretoria, by the successful applicant before proceeding to erect pumping machinery.

The pumping test made by the Irrigation Department in connection with the boreholes mentioned was as reliable as possible, but the Government accepts no responsibility for any loss or damage that may be sustained by a lessee should on a new or extended pumping test taking place the water supply in the borehole be found to be less than that stated in this notice, or in the event of the other particulars given in respect of the borehole being found to be inaccurate.

Surveys—

Should it at any time be found necessary to resurvey a holding, or take out a certificate of amended title, owing to errors in the existing survey, all costs incidental to such survey or certificate of amended title must be borne by the lessee. Should it be found that the holding is of greater extent than that stated in this notice the lessee shall benefit thereby, without any increase of purchase price being made; on the other hand, should the area be found to be less than that stated in this notice, the lessee shall accept such lesser area without reduction of the purchase price, and no claim against the Government will exist in respect of any reduced area.

Sub-divisions—

In the event of any of the holdings being allotted to two or more lessees it shall be a special condition of the lease that the Minister may at his discretion call upon the lessees to have the holding sub-divided at their own expense in a manner agreed upon by the lessees and approved by the Minister, or, failing such agreement within a period of not more than three months, in a manner to be determined by the Minister. Such agreement amongst the lessees or determination by the Minister shall state—

(1) the share to be borne by each lessee in respect of the costs of sub-division, inclusive of the costs of survey;
(2) where any advance has been made, the amount whereof has not been added to the purchase price, the share to be received by each lessee in respect of any stock, implements, or other things and the amount of the liability to be assumed by each lessee in respect of the share received by him;
(3) the purchase price of each sub-division, due regard being had to any improvements effected by the Minister or by means of an advance made by the Minister, and the share of the capital amount of such instalments as may have been paid.

The lessees shall undertake, within three months after such agreement has been reached or determination has been made by the Minister, to take at their own expense such steps as may be necessary to effect proper and legal cession of the interests in the lease in accordance with the aforesaid agreement or determination by the Minister.

GENERAL REMARKS.

Issue of Crown Grants—

Crown grants of holdings may, in special cases, with the approval of the Governor-General, be issued before the expiry of a period of ten (10) years from the date of allotment. When a lessee, after five (5) years' tenancy, can satisfy the Land Board that the value of his holding with permanent and substantial improvements exceeds by one-fourth the total

aard een-vierde meer bedra as die totale skuld van die huurder aan die Goewerment, is die Minister kragtens artikel *agt* van Wet No. 21 van 1922 bevoeg om 'n Kroongrondbrief uit te reik en vir die totale bedrag van die skuld wat daar oorbly 'n verband aan te neem.

Omheinings—

Ingeval die Goewerment, ooreenkomstig die Omheiningswet, No. 17 van 1912, of enige wysiging daarvan, moet bydra tot bestryding van die koste van die tussenheinings of enige gedeelte daarvan ten opsigte van die hoewes in hierdie kennisgewing geadverteer, of om aanspreeklikheid vir die betaling van sodanige bydraes te aanvaar voor die registrasie van die huurkontrak, moet die suksesvolle applikant by die toekenning van 'n hoewe aan hom, die verantwoordelikheid vir die betaling van sodanige bydraes aanvaar. Die bedrag van sodanige bydraes moet deur die persone aan wie die hoewe toegeken word, in kontant aan die Goewerment betaal word, of kan, as die persoon aan wie die hoewe toegeken word, sulks verkies, by die koopprys van die hoewe gevoeg word, en in so'n geval word die bedrag van huurgeld en rente op die koopprys ooreenkomstig verhoog. Die suksesvolle applikante vir enigeen van die hoewes wat geheel of gedeeltelik omhein is, moet ooreenkomstig die Omheiningswet van 1912, of wysiging daarvan, verantwoordelikheid aanvaar vir enige bedrae wat deur die eienaars van aangrensende plase kragtens die wet gevorder word.

Diverse—

Ingeval van ongelukke van persone of vee wat plaasvind as gevolg van die bestaan van skagte, tonnels en ander toestande veroorsaak deur prospekteer- en mynwerksaamhede onderneem voor die datum van aanvang van die huurkontrak, is die huurder nie geregtig tot vergoeding van die kant van die Regering of die prospekteerder of die kleimeienaar nie.

Die Goewerment behou alle regte op minerale, minerale orodukte, minerale olies, metale en edelgesteentes.

Die Departement het alle pogings aangewend om die informasie in hierdie kennisgewing vervat, so korrek moontlik op te gee, maar is nie aanspreeklik vir moontlike onjuisthede daarin nie.

Die huurgeld gedurende die huurtermyn van vyf jaar betaal, word nie van die koopprys afgetrek nie ingeval die opsie van aankoop uitgeoefen word.

Applikante word aangeraai om die hoewes persoonlik te inspekteer alvorens aansoek daarom te doen. Landrade is, by die oorweging van aansoeke om hoewes, nie geneig om aan te beveel dat toekennings gemaak word aan applikante wat versuim het om die hoewes waarom hulle aansoek gedoen het persoonlik te inspekteer of deur iemand anders namens hulle te laat inspekteer. Die Regering staan geen spoorweg- of ander transportkonsessies in verband met die inspeksie van hoewes toe nie.

Okkupasie kan onmiddellik na toekenning toegestaan word tensy in die brief van toekenning anders bepaal word.

Alle aansoeke moet gedoen word op die voorgeskrewe vorm wat verkrygbaar is by die Magistrate van die distrikte waarin die hoewes geleë is; die Sekretaris van Lande, Pretoria; die Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 747, Kaapstad; die Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 396, Pietermaritzburg; of die Verteenwoordiger, Departement van Lande, Posbus 316, Bloemfontein.

Die Departement het 'n personeel wat spesiale aansoeke en navrae betreffende grond behandel en aanstaande nedersetters wat met betrekking tot landnedersetting informasie verlang, word aangeraai om hulle met die versoek om informasie regstreeks tot die Departement van Lande, Uniegebou, Pretoria, te wend.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

P. I. HOOGENHOUT,
Sekretaris van Binnelandse Sake.

Departement van Binnelandse Sake, Pretoria.

✱ No. 1142.] [9 Augustus 1934.

REGULASIES KRAGTENS „DE STAATSDIENST- EN PENSIOEN WET", 1923.

VOORGESKREWE AMPTENARE EN POSTE.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens artikel *agt-en-neëntig* van „de Staatsdienst- en Pensioen Wet", 1923, goed te keur dat die volgende byvoegings en wysigings gemaak word in die lys van (*a*) voorgeskrewe amptenare in die Klerklike Afdeling van die Staatsdiens, soos gepubliseer in paragraaf 1 van Goewermentskennisgewing No. 1595 van 26 September 1923, en aangevul deur latere Goewermentskennisgewings, en (*b*) voorgeskrewe poste in die Algemene Afdeling van die Staatsdiens, soos gepubliseer in paragraaf 2 van Goewermentskennisgewing No.

indebtedness of the lessee to the Government, section *eight* of Act No. 21 of 1922 enables the Minister to issue a Crown grant and accept a mortgage bond for the total amount of the then remaining indebtedness.

Fencing—

In the event of the Government being required, in terms of the Fencing Act, No. 17 of 1912, or any amendments thereof, to contribute towards the cost of fencing the boundaries, or any part thereof, of any of the holdings advertised in this notice, or to accept liability for the payment of such contribution prior to the registration of the lease, the successful applicant shall, on allotment being made to him, assume liability for the payment of such contribution. The amount of such contribution shall be paid by the allottee to the Government in cash, or at the option of the allottee it may be added to the valuation of the holding, in which case the rental payments and interest on the purchase price shall be increased accordingly. The successful applicants for any of the holdings on which the boundaries or part thereof are fenced shall accept liability under the Fencing Act, 1912, or any amendment thereof, for any amounts which may be claimed by adjoining owners in terms of the said Act.

Miscellaneous—

In the case of accidents to persons or cattle consequent on the existence of shafts, tunnels, and other conditions arising out of prospecting and mining operations undertaken prior to the date of the commencement of the lease, the lessee shall not be entitled to compensation from the Government or the prospector or claimholder.

All rights to minerals, mineral products, mineral oils, metals, and precious stones are reserved to the Crown.

The Department has made every effort to render as accurate as possible the information given in this notice, but does not hold itself responsible for any inaccuracies which may be contained in this notice.

The rent paid during the lease period of five years is not deducted from the purchase price in the event of the option to purchase being exercised.

